# HOOFSTUK III.

## EIE ONDERSOEK.

### (1) PROBLEEMSTELLING:

Reeds etlike jare gelede het die skrywer as hoofonderwyser van twee groot laerskole in twee verskillende distrikte onder die indruk gekom dat die handskrifprestasies van ons primêre skoolleerlinge oor die algemeen aanmerklik hoër behoort te wees.

In 1937 het 'n verslag verskyn oor die bevindings van 'n komitee van inspekteurs van onderwys omtrent handskrif. Dit is vervat in Omsendbrief Nr. 9 van April 1937, p. 128 van die Transvaalse Onderwysdepartement. In hierdie verslag word tot die volgende slotsom geraak: Dit is baie duidelik dat die skrif van die meeste leerlinge in die meeste skole in Transvaal nie as goed bestempel kan word nie. Die komitee konstateer verder dat, as 'n leerling van die laer na die middelbare skool oorgaan en na lopende skrif oorslaan, die lopende skrif wat die leerling self aanleer, slordig en sleg is.

In die „Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie van 1939 van Transvaal" word op p. 154 beweer „maar ons wil tog die aandag vestig op die algemene klag dat die handskrif aan die verswak is."

A. I. M. van Rooyen[1] skrywe soos volg: „Dis al geruime tyd dat deur werkgewers, ouers en ander persone, wat belang het by die produkte wat ons skole lewer, beweer word dat handskrifonderrig op ons skole veel te wense oorlaat. Daar is egter baie onderwysers, eksaminatore en inspekteurs/ .......

---

(1) Van Rooyen. Skrifonderrig, 19.

spekteurs van onderwys wat die skrifonderrig op ons skole kritiseer en veroordeel en dikwels te reg."

G. Hildreth[1] sê van die onderwysers: „Teachers testify that they dislike to teach handwriting because it seems to be a mechanical skill lacking content and uninteresting."

Ivah Green[2] sê dat die meeste onderwysers die onderrig van handskrif 'n ontmoedigende saak vind en dat die meeste leerlinge nie daarvan hou nie. Oudergewoonte word leerlinge soms nog gedril om almal presies dieselfde handskrif te skrywe; dit verwek teësin by leerlinge teenoor handskrif. Die gemiddelde leerling voel dat handskrif maar net iets is wat op skool vir 'n periode of twee per week verduur moet word.

J. de V. Heese[3] sê: „Vir die beweerde agteruitgang van die skrif van kinders op ons skole word 'n hele aantal spesifieke oorsake genoem. Die volgende is 'n paar van hulle: Daar word minder aandag aan skrif gegee deur die onderwysers, gevolglik beskou die leerlinge dit ook as werk van 'n minderwaardige aard; die verdwyning van skoonskrifboeke uit die skool; daar word vandag meer 'vakke' in die primêre skool doseer as voorheen dat skrifonderrig noodwendig heelwat minder aandag kry; die baie aantekeninge wat die kinders byvoorbeeld in die sogenaamde, inhoudsvakke, soos aardrykskunde, geskiedenis, ensovoorts,

moet/ ........

(1) Hildreth, Learning the Three R's, 595.

(2) Green, Improvement in Handwriting, 28.

(3) Heese, Die Gebruik van Druk- en Lopende Skrif, 2 - 3.

moet afskrywe."

Vir Suid-Afrika is daar net een gestandaardiseerde skriftoets en skrifskaal in lopendeskrif beskikbaar - die van J. de V. Heese. Deur middel van die genoemde instrumente kan opnames van skole of klasse se handskrifte gemaak word om die standaarde daarvan te bepaal en te vergelyk. Verder kan leerlinge met swak kwaliteit- en spoedprestasies daarmee uitgesonder word. Maar vir die diagnosering van handskrifgebreke van die laerskoolleerlinge in Suid-Afrika is daar geen instrumente beskikbaar nie.

Laerskoolleerlinge het gewoonlik met soveel handskrifmoeilikhede te kampe dat dit lyk asof die mees voor die hand liggende uitgangspunt van navorsing in verband met handskrifonderrig 'n ondersoek sal wees om vas te stel met watter besondere handskrifmoeilikhede leerlinge te kampe het, en om daarna die oorsake van die vasgestelde moeilikhede te ontdek. As die handskrifmoeilikhede en hulle oorsake bekend is, dan bestaan die moontlikheid dat hulle deur remediërende handskrifonderrig mag verminder word, en ook dat handskrifonderrigmetodes ontwerp sal word wat die ontstaan van baie van die gewone handskrifmoeilikhede sal verhoed.

Die volgende probleme dien opgelos te word:

(a) Om te bepaal wat die uitwerking van die verhelpingsprogram wat die standerd 111 tot V- leerlinge gedurende die eerste kwartaal gevolg het op hulle handskrif is ten opsigte van spoed-kwaliteit- en skrifprestasies.

(b) Om te bepaal of die klasonderwysers onder leiding die herstelwerk gedurende die skrifperiodes kan doen.

(c) Om te bepaal wat die blywende waarde van die remediërende handskrifonderrig is.

(d) Om/ ..........

(d) Om te bepaal of die leerlinge se letterformasie verbeter het.

(e) Om te bepaal of 'n normale leerling met opvoedkundige handskrifgebreke so gelei kan word dat hy 'n leesbare handskrif met 'n redelike spoed sal skrywe.

(2) METODE VAN ONDERSOEK:

Die metode toegepas om die probleem na te vors, het in die volgende stappe verloop.

Al die standerd 111-, 1V- en V-leerlinge van 'n Transvaalse laerskool het die skriftoets (1936) van J. de V. Heese gedoen. Die toetsskrifte van die leerlinge is met behulp van die Heese-skaal vir kwaliteit beoordeel en die spoed is bepaal volgens die aantal letters per minuut geskrywe. Die skrifprestasies is volgens die Gates-formule bereken, naamlik skrifprestasie = spoed x $\sqrt[3]{\text{kwaliteit}}$. Die gemiddelde van elke standerd se prestasies met die eerste toets is as die aanvangstandaarde gebruik.

Die instruksies van J. de V. Heese is in alle besonderhede gevolg met die afneem van die toetse en beoordeling van die toetsskrifte vir kwaliteit-,spoed- en skrifprestasies. Verder het die proefnemer deurgaans die proefpersone hulle name op die een kant van die papier, en die teks op die ander kant laat skrywe om die meting nog meer objektief te maak.

Die proefnemer het aan die onderwysers van die proefklasse die hele werkwyse verduidelik met beklemtoning van letterformasie.

Aangesien daar nie diagnostiese toetse vir Transvaalse skole beskikbaar was nie, was die proefnemer se leiding besonder nodig vir die onderwysers van die proefklasse om die skriffoute van die proefklasse se leerlinge te

diagnoseer./ .......

diagnoseer. Die vyf kaarte van Freeman het as grondslag van beoordeling vir die onderwyser gedien. Die letters in die pamflet „Handskrif" van die Transvaalse Onderwysdepartement is as die aanvaarde prototipes van letters gebruik. Die proses van lettervorming soos beskrywe in H. Sondorp en W. P. Singleton[1] se skrifstelsel is gevolg. 'n Lys van moontlike oorsake[2] van swak skrif asook die moontlike misvormings[3] van elke letter wat verwag kon word, is aan die onderwysers van die proefklasse gegee.

Die onderwysers van die proefklasse is aanvanklik gehelp met die tref van maatreëls vir die herstel van skriffoute wat groepe of individuele leerlinge gemaak het. Sodra die onderwysers op dreef gekom het met die tref van herstelmaatreëls, het hulle dit verder self gedoen. Daar is hoofsaaklik op die gedagte voortgebou dat die onderwyser die leerling gedurende die gewone skrifperiodes in die klas individueel sal help deur sy skriffoute te analiseer en die foute dan deur onmiddellike opvolgwerk te herstel. Dit het die onderwyser vrygestaan om die leerling na die tafel te roep, na die lessenaar te gaan of om die leerling op die bord te laat werk. Die leerlinge word na elke toets aangewys vir individuele aandag; daarna sien die onderwyser die werk wat hulle gedurende die skrifperiodes gedoen het in die teenwoordigheid van die leerling na.

Die proefnemer het die onderwysers gevra om die proses van handskrifoordrag op ander vakke bewustelik te bevorder/ ......

---

(1) Sondorp en Singleton, Die onderrig van Lopende Skrif aan Beginners: Handleiding.

(2) Faktore wat skrifagterlikheid kan veroorsaak (kyk Bylae lV).

(3) Misvormings van letters (kyk Bylae Vll).

vorder.

Die verhelpingsprogramme is aan die proefklasse gedurende die eerste kwartaal gegee. Die kontroleklasse het van die begin van die jaar die skool se leergang in handskrif gevolg. Aan die begin van die tweede kwartaal het die proefklasse saam met die kontroleklasse met die skool se leergang ingeval.

Die leerlinge van die proefklasse wat met die eerste toets benede die aanvangstandaarde ten opsigte van kwaliteit-spoed- en skrifprestasies presteer het se skrifmonsters is vir moontlike swak kriteria gediagnoseer. Die mees voorkomende foute is aangeteken en die leerlinge van die proefklasse is daarvolgens verdeel.

Die prosedure van toets, onderrig, toets, is elke veertien dae by die proefklasse herhaal.

Die volgende toetse is gedoen:

Eerste toets. Al die leerlinge van standerds 111 tot V het aan die begin van die jaar die toets afgelê.

Tweede tot vyfde toetse. Net die proefklasse se leerlinge het gedurende die eerste kwartaal die toetse gedoen.

Sesde toets. Al die leerlinge van standerds 111 IV en V het dit aan die einde van die eerste kwartaal afgelê. Toetse 7 tot 10 is afgeneem na die staking van die verhelpingsprogram om vas te stel hoe die proefklasse met die kontroleklas oor die res van die jaar vergelyk, en om te sien of die toepassing van die verhelpingsprogram by die proefklasse enige blywende waarde gehad het.

Sewende toets. Al die leerlinge van standerds 111 tot V het dit aan die einde van die tweede kwartaal afgelê.

Agste toets. Al die leerlinge van standerds 111 tot

V/.......

V het dit net na die Julie-vakansie afgelê.

Negende toets. Al die leerlinge van standerds 111 tot V het dit aan die einde van die derde kwartaal afgelê.

Tiende toets. Al die leerlinge van standerds 111 tot V het dit aan die einde van die jaar afgelê.

Verwerking van toetsresultate:

Al die gegewens is, waar moontlik in terme van rekenkundige gemiddeldes gegee. Enkele gevalle is in terme van persentasie gegee.

(1) Die kwaliteit- en spoedprestasies van die proefklasse se eerste ses toetse is op grafieke getrek.

(2) Die toetsresultate van die eerste toets moes toon of remediërende werk nodig was al dan nie.

(3) Die toetsresultate van die sesde toets moes toon of die remediërende werk suksesvol was al dan nie.

(4) Die letterformasietoets wat na die derde en vyfde toetse aan die proefklasse gegee is, moes toon of daar 'n verbetering in die letterformasie van die proefklasse ingetree het al dan nie.

(5) Die toetsresultate van die proefklasse is met die toetsresultate van die kontroleklasse vergelyk.

(6) Die foutiewe letters van die proefklasse met die eerste en sesde toetse gemaak, is getel en vergelyk om te kan vasstel of daar 'n verandering ten opsigte van foutiewe letterformasie plaasgevind het.

(7) Die afdelingsgetalleveranderings van die grafieke word vergelyk om te sien of die proefklasse se kwaliteit- en spoedprestasies veranderings ondergaan het.

(3) <u>PROEFSKOOL, PROEFPERSONE EN PROEFNEMER:</u>

Vir hierdie proefneming is net van een skool gebruik gemaak.

Om die proefneming behoorlik te kan uitvoer, het dit

plaasgevind/......

plaasgevind onder die persoonlike toesig van die proefnemer. Die skriftoets kan deur enige opgeleide proefnemer toegepas word, maar om die „Suid-Afrikaanse Skrifskaal vir Primêre Leerlinge" te gebruik, vereis ervaring aan die kant van die proefnemer. Ter wille van akkuraatheid het die proefnemer self al die toetse toegedien en al die toetsskrifte self beoordeel.

Alhoewel die omstandighede van die skool tot skool en van leerling tot leerling sal verskil, is daar tog 'n mate van ooreenkoms tussen die skole van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die skole gebruik dieselfde leergang in breë opset. Die meeste van die leerlinge begin met drukskrif in graad een en slaan in standerd een oor na lopende skrif.

Die pamflet „Handskrif" is vir die leiding van al die skole uitgegee. Alhoewel die individuele verskille wat daar tussen leerlinge bestaan, sal veroorsaak dat daar van leerling tot leerling verskille sal voorkom, sal die skrifmoeilikhede wat by die verskillende Transvaalse skole voorkom in hoofsaak dieselfde wees.

Die metode om leerlinge met skrifmoeilikhede deur opnametoetse te ondervang, die skrifmoeilikhede te diagnoseer en dan deur remediërende oefeninge te herstel, sal in hooftrekke van skool tot skool dieselfde bly. As die metode in een afsonderlike skool werk, behoort dit ewe doeltreffend in die ander Transvaalse skole te werk.

Die proefskool het net soos ander laerskole in Transvaal, groot klasse met om en by die veertig leerlinge in 'n klas.

Al sou die skool waar die proefneming moes plaasvind

per/ ..........

per slot van rekening daaruit baat, sou dit tog tydens die proefneming heelwat opoffering van beide die hoof en onderwysers verg.

Die proefskool was 'n gevestigde Afrikaansmediumskool op 'n plattelandse dorp.

Daar was 650 leerlinge op die rol. Die skool is bedien deur vyf busskemas. Daar is 'n koshuis met 110 leerlinge verbonde aan die skool. Die koshuisleerlinge is getrek uit die Witwatersrandse gebied en uit die Rhodesies.

Die skoolkinders is afkomstig van Afrikaanse huisgesinne van omtrent al die sosiale stande. Daar was baie min verwaarloosde leerlinge in die skool; ook was daar geen subnormale klasse aan die skool verbonde nie.

Die dissipline van die skool is goed. Die leerlinge van die proefskool het uitstekend gepresteer op die interskool-atletiekbyeenkoms wat tydens die proefneming op die dorp plaasgevind het.

Die aantal proefpersone wat aan die proefneming deelgeneem het, was soos volg:

TABEL II.

Proefpersone wat deelgeneem het aan die proefneming:

| Klas. | Leerlinge. | Onderwysers. |
|---|---|---|
| Standerd 111 | 90. | 2. |
| Standerd lV | 96. | 3. |
| Standerd V | 102. | 3. |
| Totaal: Standerds 111 tot V | 288. | 8. |

Daar/...............

Daar was drie standerd 111-klasse, te wete A, B, en C. Die leerlinge van die klasse A en B was respektiewelik die B en A klasse van die vorige jaar se standerd 11-klasse. Al die leerlinge wat van elders gekom het, plus enkele van A en B se klasse, is na klas C geplaas.

Die vorige jaar se standerd 111A het na standerd 1VB gegaan, die standerd 111B het na standerd 1VA gegaan. Al die leerlinge wat van elders gekom het, is in klas C geplaas. Die standerd 111C en die standerd 1VC is gegroepeer in een klaskamer.

Die vorige jaar se standerd 1VB se seuns en standerd 1VA se dogters het na standerd VB gegaan en die standerd 1VB se dogters en die standerd 1VA se seuns het na standerd VA gegaan. Die leerlinge wat van elders gekom het, is in standerd VC geplaas.

Die volgende klasse van die proefskool het aan die proefneming deelgeneem:

TABEL III

Klasse wat aan die proefneming deelgeneem het:

| Standerd. | Klasse. |
|---|---|
| 111 | A, B, C. |
| 1V | A, B, C. |
| V | A, B, C. |

Die standerds 111A, 1VB en VB is as proefklasse geneem en die standerds 111B en C, 1VA en C en VA en C is as kontroleklasse geneem.

Die Ik's van die klasse wat aan die proefneming deelgeneem het, word in die volgende tabel aangegee.

TABEL/ .......

TABEL 1V

Die gemiddelde Ik's van die klasse wat aan die proefneming deelgeneem het.

| Klas | Ik. |
| --- | --- |
| Standerd 111A | onbekend. |
| Standerd 111B | onbekend. |
| Standerd 111C | onbekend. |
| Standerd 1VA | 101.3. |
| Standerd 1VB | 107. |
| Standerd 1VC | 98. |
| Standerd VA | 112.5. |
| Standerd VB | 112.7. |
| Standerd VC | 106. |

Die onderwyseres van standerd 111A was 'n getroude dame wat tydelik kom help het. Sy het slegs ses maande ervaring van standerd 111 se werk gehad. Haar kwalifikasies is: Laer Onderwysdiploma plus 'n jaar spesialisering in Liggaamlike Opvoeding. Die onderwyser van standerd 1VB was in permanente hoedanigheid verbonde aan die skool. Sy kwalifikasies was: B.A. en T.O.D. Die onderwyser van die standerd VB was in permanente hoedanigheid aan die personeel van die skool verbonde. Sy kwalifikasies was: B.Sc. en H.O.D.

Die proefnemer is gesertifiseer vir die afneem van gestandaardiseerde toetse en het al die toetse self afgeneem. Die proefnemer het reeds ses jaar ondervinding in die gebruik van die Heese-skaal.

Die proefnemer het self die handskrifonderrig van die standerd VC gegee. Die standerd VC se handskrifonderrig

het/.......

het getrou volgens die skoolskema geskied. Die standerd 1VA se onderwyser is versoek om hom getrou aan die skoolskema te hou. Die onderwysers van standerds 111B en C, standerd 1VC en standerd VA het ook die skoolskema tot hulle beskikking gehad maar hulle is nie gevra om hulle slaafs daaraan te bind nie.

Die proefneming wat met die proefklasse uitgevoer is, het aansteeklik op die kontroleklasse se onderwysers en leerlinge ingewerk. Dit het wedywering by die kontroleklasse uitgelok. Die onderwyseres van standerds 111C en 1VC het van die werkwyses van die verhelpingsprogram van die proefklasse geneem en toegepas. Sy het haar besonder beywer om die handskrifonderrig so deeglik moontlik te doen. Die onderwyser van standerd VA het intensief op handskrif afgestuur.

(4) TOEPASSING VAN DIE EERSTE SKRIFTOETS.

Al die leerlinge van standerds 111 tot V wat op die skool was, het op 13. 1. 1954 die skriftoets (1936) van J. de V. Heese afgelê. Die onderstaande tabel gee die getalle:

TABEL V

Die leerlinge wat aan die eerste skriftoets deel-geneem het:

| | | |
|---|---|---|
| Standerd 111 | 1V | V |
| A 36 leerlinge | A 40 leerlinge | A 34 leerlinge |
| B 36 leerlinge | B 40 leerlinge | B 34 leerlinge |
| C 18 leerlinge | C 16 leerlinge | C 34 leerlinge |
| Totaal: 90 leerlinge | 96 leerlinge | 102 leerlinge |
| Groottotaal: 288 leerlinge | | |

(5) BESPREKING VAN RESULTATE VAN EERSTE SKRIFTOETS:

Die volgende tabel gee die prestasies wat deur die onderskeie standerds 111, 1V en V behaal is met die eerste toets op 13. 1. 1954. Die resultate van die proefklasse word onderstreep:

TABEL V1

Toetsresultate van standerds 111, 1V en V.

| | Kwaliteit- | Spoed- | Skrifprestasies |
|---|---|---|---|
| Standerd 111A | 8 | 33.2 | 25.6 |
| B | 8 | 27.0 | 24.0 |
| C | 9 | 25.0 | 26.1 |
| Gemiddeld | 8.3 | 29.1 | 25.7 |
| Standerd 1VA | 8.7 | 37.6 | 29.6 |
| B | 9.0 | 39.5 | 30.6 |
| C | 9.0 | 34.0 | 28.8 |
| Gemiddeld | 8.9 | 37.8 | 30.3 |
| Standerd VA | 8.8 | 47.2 | 31.5 |
| B | 8.9 | 60.5 | 34.7 |
| C | 8.3 | 47.8 | 30.3 |
| Gemiddeld | 8.6 | 53.0 | 32.7 |

Die gemiddelde prestasies vir die standerd 111 was 8.3 kwaliteit, 29.1 letters per minuut en 'n skrifprestasie van 25.7.

Soos kan verwag word, sal die gemiddelde prestasie van die standerd 111 nie te hoog wees nie, as in aanmerking geneem word dat die eerste toets net na die somervakansie afgeneem is en die standerd 111-leerlinge van Iersgelinieerde skrifte na waterlyne oorgeslaan het. Die gemiddelde prestasies as aanvangstandaarde geneem hou die

voordeel/ ......

voordeel in dat die moontlikheid om sukses met skrywe te behaal nie vir elke proefpersoon uitgesluit is nie.

Volgens die aanvangstandaard het die A en B se kwaliteit; die B en C se spoed en die A en B se skrifprestasie benede die standaard geval.

Die standerd lV se gemiddelde kwaliteit was 8.9, gemiddelde spoed 37.8 letters per minuut en gemiddelde skrifprestasie 30.3. Die 1VA se kwaliteit, 1VA en C se spoed en 1VA en C se skrifprestasie het onder standaard geval.

Die standerd V se gemiddelde prestasies was 8.6 kwaliteit, 53 letters per minuut en skrifprestasie 32.7. Die VC se kwaliteit VA en C se spoed en die VA en C se skrifprestasies het benede standaard geval.

Die feit dat daar soveel prestasies by die verskillende klasse benede peil van die aanvangstandaard geval het, het die vermoede laat ontstaan dat daar behoefte aan remediërende werk was.

Die kwaliteit- en spoedprestasies van die proefklasse is op die volgende grafieke getrek:

Standerd 111A op grafiek 1, (kyk p. 198).

Standerd 1VB op grafiek 8, (kyk p. 239).

Standerd VB op grafiek 15, (kyk p. 269).

Volgens grafiek 1 was daar 21 van die 36 proefpersone van die proefklas 111A van wie die kwaliteit verbeter moes word: nommers 5, 10, 12, 14, 16, 23, 24, 26, 28, 31, 32, 33, 35, 36, 1, 8, 9, 18, 19, 20 en 27, en daar was 13 proefpersone van wie die spoed verbeter moes word: nommers, 1, 8, 9, 18, 19, 20, 27, 3, 15, 21, 25, 30 en 32.

Volgens grafiek 8 was daar 14 proefpersone van wie die kwaliteit verbeter moes word: nommers 36, 39, 27, 28, 16, 14, 7, 6, 12, 25, 9, 29, 40 en 23, en daar was 17

proefpersone/ .......

Volgens grafiek 15 was daar 11 proefpersone van wie die kwaliteit verbeter moes word: nommers 27, 23, 6, 8, 34, 5, 28, 9, 29, 7 en 15, en 9 proefpersone se spoed moet verbeter word: nommers 1, 26, 12, 17, 14, 10, 4, 22, en 21.

Die vermoede dat daar wel behoefte aan verhelpingsonderwys by die proefklasse bestaan het, is deur die bestaande gegewens bevestig.

## (6) METODE VAN HERSTELLING IN HIERDIE ONDERSOEK TOEGEPAS:

### A. INLEIDING:

Die volgende is 'n metode wat die proefnemer by die proefklasse standerds 111A, 1VB en VB toegepas het om die proefleerlinge se lopende skrif te verbeter.

Die onderstaande beskikbare instrumente is in elk van die proefklasse gedurende die proefneming gebruik.

(1) Handskriftoets van J. de V. Heese (kyk Bylae 1).

(2) Handskrifskaal van J. de V. Heese (kyk Bylae V).

(3) Muurkaart met die volgende op:

(i) Prototipe letters (kyk Bylae 111).

(ii) Teks (kyk Bylae 1).

(4) „Die Onderrig van Lopende Skrif" van H. Sondorp en W. P. Singleton.

(5) „Handskrif" in Voorgestelde Leerplanne van Grade - Standerd V111 van die Transvaalse Onderwysdepartement.

(6) „Handskrif. Die Onderrig van Lopende Skrif en die Oorgang vanaf Drukskrif" van die Transvaalse Onderwysdepartement.

(7) Skoolpen en ink of 'n goeie vulpen.

(8) Oefenboeke - waterlyne.

(9)/ ...........

(9) Geruite folio vir grafieke.

(10) Prestasiestate.

(11) Letterkaarte.

(12) Bord en kryt.

(13) Speldbord.

Aan die begin van die betrokke jaar is 'n begin gemaak met die remediërende onderrig om die drie proefklasse se skrifgebreke te herstel. Die hele abc, klein- en hoofletters, is binne die eerste kwartaal deurgevoer met besondere beklemtoning van die letters r,n,e,a,d,o en t. Aan elke leerling is 'n oefenboek met waterlyne gegee waarin alle skrifoefeninge gedoen is.

Met die deurvoering van die letters is hulle op die bord verduidelik en na die muurkaart met die prototipe letters (kyk Bylae 111) verwys. Die letterkaarte (kyk p. 169) is ook as oefenmateriaal gebruik.

Die teks (kyk Bylae 1) is op die bord geskrywe en die leerlinge het dit gememoriseer. Die vyf kriteria van kwaliteit, te wete letterformasie, spasiëring, parallelisme, aliniëring en kwaliteit van lyn is deurgaans beklemtoon.

Aan die begin van die jaar, elke veertien dae daarna gedurende die eerste kwartaal en aan die einde van die eerste kwartaal is aan al die proefleerlinge skriftoetse gegee. Die toetskrifte is elke keer vir kwaliteit (kyk Bylae V1) en spoed (kyk Bylae V1) gewaardeer. Die proefleerlinge se skrifprestasies is dan aan die hand van hulle kwaliteit- en spoedprestasies op prestasiestate aangebring.

Aangesien daar nie beskikbare standaarde vir die onderskeie standerds van die laerskool ten opsigte van spoed- kwaliteit- en skrifprestasies bestaan nie, is die gemiddeld van al die klasse in 'n standerd van die skool soos

gemeet/ ........

gemeet aan die begin van die jaar, as aanvangsnorm vir die onderskeie proefklasse geneem.

Na elke skriftoets wat afgelê is, is die gemiddeld ten opsigte van elke prestasie bereken en op die prestasiestate aangebring. Die aanvangsnorme ten opsigte van elke prestasie is ook op die prestasiestate aangebring om die prestasies te vergelyk. Die proefleerlinge se prestasies is ook vergelyk met die aanvangsnorme.

Aangesien die gegewens van die prestasiestaat hoofsaaklik net tot die onderwysers spreek, is die proefklasse se toetsresultate ten opsigte van spoed en kwaliteit op grafieke getrek. Die x-as is vir kwaliteitprestasies en die y-as vir die spoedprestasies geneem. Die aanvangsnorme vir die onderskeie proefklasse is op grafieke getrek met die gevolg dat elke proefklas 'n grafiek met vier konstante afdelings gehad het om elke toets se resultate op saam te vat. Die regter boonste ruimte is afdeling I, die regter onderste is afdeling II, die linker onderste is afdeling III en die linker boonste is afdeling IV genoem. Afdeling I is groen (die skoolkleur) gekleur en dit is vir die leerlinge as die ideaal voorgehou. Afdeling III is rooi gekleur en dit is as gevaarteken voorvoorgehou.

Na elke skriftoets is die proefleerlinge se name in die afdelings op die plek waar hulle volgens hulle prestasies geval het, aangebring. Die grafiek is toe op die speldbord opgesteek en die aandag van elke leerling is daarop gevestig. Die leerlinge wat in afdeling II geval het, moes hulle skrifkwaliteit verbeter. Die van afdeling IV moes hulle spoed verbeter en die van afdeling III moes hulle skrifkwaliteit en skrifspoed verbeter het.

Die/ ...........

Die leerlinge is vervolgens volgens die afdelings waarin hulle geval het in vier groepe verdeel. Die leerlinge van afdelings II, III en IV het individuele hulp nodig gehad. Die leerlinge se kwaliteitsgebreke het voorrang bo spoedgebreke geniet. Aan elke leerling se skrifgebreke is gedurende die handskrifperiodes individuele aandag gegee. Die behandelde letters wat gebrekkig was, het in herstelling voorrang geniet. Elke leerling het op 'n fout op 'n keer afgestuur. Groepsfoute is gesamentlik behandel deur die leerlinge volgens hulle gemeenskaplike foute in groepe te verdeel wat individuele korrektiewe groepswerk gedoen het.

Die proefklasse het daeliks vir vyftien minute onderrig in handskrif van hulle klasonderwysers ontvang. Elke klasonderwyser het persoonlik aandag aan die leerling se houding teenoor sy handskrif en sy handskrifgebreke gewy.

B. <u>REMEDIËRENDE WERK:</u>

Kwaliteit en spoed is die twee belangrike eienskappe van handskrif waaraan in die proses van herstelling van foute deeglik aandag gewy is. Handskrifkwaliteit word miskien die nadeligste getref wanneer die persoon wat skrywe sy aandag van die vorm na die stof verplaas. Word die aandag by vorm en leesbaarheid bepaal, sal hulle verbeter, maar die gedagtes en organisasie sal ly. Gevolglik is spoed en kwaliteit so ingeskerp, dat dit so te sê outomaties geword het.

(a) Kwaliteit:

Die kwaliteit van 'n persoon se handskrif bevat die volgende vyf kriteria, te wete letterformasie, spasiëring, parallelisme, aliniëring en kwaliteit van lyn. Hierdie vyf eienskappe van handskrif is onderling so geïntegreer/ .....

tegreer dat enige verandering in die een gepaard gaan met 'n meegaande verandering in die ander. Letterformasie is as die belangrikste bepalende faktor van kwaliteit beskou, daarom het die onderrig van die ander vier kriteria in die teken van letterformasie gestaan.

Die foute wat 'n leerling in enige van die vyf genoemde kriteria van kwaliteit gemaak het is een vir een herstel. Dit was wenslik dat die leerling vir 'n bepaalde tydperk gereeld, aan die verbetering van 'n besondere verskynsel gewerk het. Oefeninge wat gemik is op die verbetering van 'n besondere element van handskrif kan vergelyk word met die skiet met 'n koeëlgeweer na 'n skyf, terwyl oefeninge wat 'n algemene verbetering ten doel het net soos die skiet met 'n haelgeweer is wat die haelkorrels sprei met die hoop dat een van die haelkorrels die skyf sal tref.

(i) Letterformasie:

Die letter is die eenheid van skrif. 'n Letter wat verkeerd gemaak word, word slegs herstel deur die maak van letters. Die besondere kwaliteit van die regte letter moet gesien en die nodige bewegings in die vorming van die regte letter moet ervaar word. Die regte letter moet beoefen word. Die leerling moet die resultaat van sy pogings sien en daarna strewe om sy handskrif te verbeter. Die verbetering kan te weeg gebring word deur aandag aan die vorm van die skrif te wy.(1)

Enige letter wat foutief gevorm is, word eers as af-

sonderlike .....

(1) Freeman en Dougherty, How to Teach Handwriting, 17.

sonderlike letter, dan in 'n woord en daarna in 'n sin geoefen. Elke handskriffout kan deur eenvoudige oefeninge herstel word.[1]

Die volgende <u>letterkaarte</u> is opgestel om as oefenmateriaal gebruik te word vir die herstelling van foutiewe letters. Elke letterkaart behandel net een letter op 'n keer. Al die skriftelike werk op die kaarte voldoen aan die eise van die vyf kriteria, naamlik letterformasie, parallelisme, spasiëring, aliniëring en kwaliteit van lyn:

Letterkaarte (kyk pp. 170 - 176)

Die volgende punte[2] is ook as van belang in die herstelling van foutiewe letters beskou:

(a) Die letters hel effens vorentoe.

(b) Parallelisme van letters moet gehandhaaf word.

(c) Aan die begin van 'n woord begin alle klein letters met 'n ophaal wat op 'n lyn begin.

(d) Alle woorde eindig met 'n ophaal, tensy die eindletter 'n s is.

(e) Die letters r, v, o, w en b vereis 'n diep verbinding wanneer hulle deur 'n <u>e</u> gevolg word. Vergelyk die verbindings tussen o-u en o-e.

(f) Let op die verbindings tussen die o, r, b en w voor die oop s.

(g) Die korrekte skryfhouding van die liggaam en die hou van die pen of potlood moet gedurig beklemtoon word.

Die leerlinge is geleer om hulle letters met die

prototipe/ .......

---

(1) Beale, Trends in Handwriting, 32.

(2) T. O. D. Handskrif, 6.

# Letterkaarte

1.

a
aa
A
amandel
i Anna kam haar hare.
ii
iii

2

b
B
bobbejaan
i Babs bring die baba.
ii
iii

3

c
C
cascara
i Chris bring die cascara.
ii
iii

4

d
D
dadelik
i Danie klim deur die draad.
ii
iii

5

e

ee

E

eetbaar

i Ek eet groen erte.

ii

iii

6

f
F

vyf

i Freek leer fluks.

ii

iii

7

g
G

gogga

i Gert jaag die valk weg.

ii

iii

8

h
H

hare

i Hanna kom hoor hier.

ii

iii

9

i

I

ink

i Isak is siek.

ii

iii

10

j

J

jakkals

i Jan jaag die hond.

ii

iii

11

k

K

koskas

i Koos ken sy werk.

ii

iii

12

l

L

leerlinge

i Lien leer al lees.

ii

iii

13

m

M

mes

i Miem drink melk.

ii

iii

14

n

N

neus

i Nellie sing mooi.

ii

iii

15

o

O

ossewa

i Ockert staan sy man.

ii

iii

16

p

P

piering

i Piet pluk perskes.

ii

iii

17

q

Q

q

i Quebec is in Kanada.

ii

iii

18

r

R

ruiker

i Rina hou van rooi rose.

ii

iii

19

s

S

ossewa

i Sara sing saggies.

ii

iii

20

t

T

melktert

i Theuns is tog te vet.

ii

iii

21

u
U
vuur
i Uilspieël is 'n uilskuiken.
ii
iii

22

v
V
vygie
i Vera gaan met verlof.
ii
iii

23

w
W
wilkerboom
i Willem waag baie.
ii
iii

24

x
X
x
i Xerxes het gewen.
ii
iii

25

y

Y

ystervark

i Yster is hard.

ii

iii

26

z

Z

zoem

i Dit kom van Zanzibar.

ii

iii

prototipe letters (kyk Bylae 111) te vergelyk. Hierdie vergelyking is bewustelik aangeleer.

L. Cole,(1) sê: „Once the form of a letter is approximated, most illegibilities are due to some error that makes one letter resemble another." T. E. Newland,(2) het 1,344,905 letters ontleed en 42,284 bepaalde onleesbare letters gevind. Volgens sy bevinding is die volgende veertien tipes van foutiewe letters verantwoordelik vir vyftig persent van die onleesbare letters wat by die laerskoolleerlinge voorgekom het: e gesluit, d soos cl, a soos o, a soos u, a soos ei, kruis van die t, r soos i, b soos li, t soos l, i sonder die punt, r soos 'n halwe n, o soos a, h soos li en n soos u.

T. E. Newland gee 'n analise van die foutiewe letters wat hy bevind het. Hy vind verder dat die letters a,e,r en t vir 45% van die onleesbare letters van die laerskoolleerlinge verantwoordelik was.

L. C. Pressey en S. L. Pressey(3) gee 63 bepaalde onleesbaarhede wat, volgens hulle ondersoek vir driekwart van al die onleesbaarhede verantwoordelik is. Hulle bevinding was dat die letters r,n,e,a,d en o vir die helfte van die onleesbaarhede verantwoordelik is.

Die waarde van die bevindinge van L. C. Pressey, S. L. Pressey en T. E. Newland vir die herstelling van foutiewe/ .......

---

(1) Cole, Psychology of the Elementary School Subjects, 130.

(2) Newland, An Analytical study of the development of Illegibilities in Handwriting from the Lower Grades to Adulthood. 249 - 259.

(3) Pressey and Pressey, Analysis of Three Thousand Illegibilities in the Handwriting of Children and Adults, 270 - 3 en 285.

tiewe letters lê daarin dat die letters a,e,r,t,n,d en o besondere aandag verg. As 'n leerling van die voormelde letters foutief geskryf het, is hulle eerste herstel. 'n Kennis van die analise wat die bogenoemde drie persone van onleesbare letters gemaak het, het die onderwyser in staat gestel om soortgelyke foutiewe letters wat die proefleerlinge gemaak het, te analiseer en hulle te help om die foutiewe letters te herstel.

By die herstelling van foutiewe letters is die volgende beginsels soos deur B. P. Beale[1] voorgestaan, beklemtoon:

(a) Die eindhale van woorde verhoog die leesbaarheid.

(b) Die vermoë om die onderdraai van die l reg te maak, verhoog die leesbaarheid van die verwante letters. Die letters t en d moet spesiaal beklemtoon word.

(c) Die afhaal van die f bo en onder die lyn moet parallel met die ander afhale wees.

(d) Daar moet gewaak word teen die neiging om die laaste twee hale van die h, m en n aan die einde van 'n woord slordig te maak.

Die onderwysers het ook aandag geskenk aan die volgende prosedure wat deur B. P. Beale opgestel is om die leerling se handskrif te verbeter:[2]

(1) 'n Bekende paragraaf word geskrywe.

(2) Die kwaliteit van die handskrif word gemeet.

(3) Kies die ooglopendste foute.

(4) Doen oefeninge om die foute te herstel.

(5)/ .......

---

(1) Beale, Trends in Handwriting, 30 - 31.

(2) Ibid., 32.

(5) Skrywe die bekende paragraaf en probeer om die foute uit te skakel, terwyl met 'n redelike spoed geskrywe word.

(6) Meet die kwaliteit van die skrif weer eens.

Die plan is die Morrison-metode, naamlik voortoets, onderrig, die resultate toets, die prosedure aanpas en weer tot op die punt van werklike leer toets.

Die teks, naamlik „Daar's dertig dae . . . .", is vir die toepassing van die hierbo genoemde prosedure gebruik. Die materiaal van die letterkaarte of soortgelyke materiaal is gebruik om die foutiewe letters deur korrektiewe oefeninge te verbeter.

Die leerlinge is vertroud gemaak met die elemente van die letters (kyk Bylae viii), daarna is die teks op die bord geskrywe en is al die lettergebreke daarin in samewerking met die leerlinge, deur pyltjies aangedui. Die leerlinge skryf die teks in hulle boeke en elke leerling is gevra om doelbewus te waak teen die herhaling van sy foute. Die foute wat herhaal is, is in samewerking met die leerlinge geanaliseer. Die leerlinge is geleer hoe om hulle foute te analiseer en te herstel.

(ii) Spasiëring:

Spasiëring in handskrif dui die regulering van dieselfde afstande aan tussen die elemente van letters, tussen letters in woorde, tussen woorde in die reël en tussen opeenvolgende reëls. Die regulering van die regte afstande soos hierbo genoem, verg baie tyd en inspanning aan die kant van die leerling om bemeester te word.

Die herstelling van foute wat in die vier bogenoemde afstande voorkom. word vervolgens afsonderlik behandel:

(a)/ ........

(a) Spasies tussen letterelemente:

Die begrip dat die letterelemente van letters dieselfde afstande het, is aan die leerling verduidelik. Die letters m, n, h en p is op die bord geskrywe en die uniforme afstande is aangetoon.

Die uniforme breedtes van die ovale van die a, o en verwante letters soos die d en g is aangetoon.

Die uniforme breedtes van bo- en onderlisse van die l en j is aangetoon. Verder is die leerlinge se aandag op die letters van die pamflet „Handskrif," p. 4 bepaal.

Afgerolde afskrifte van letters is aan die leerlinge gegee om af te skrywe. Van die letterkaarte (kyk p. 169) is ook gebruik. Die afgerolde afskrifte of letterkaarte wat gekies is en aan leerlinge gegee om af te skryf, het slegs die letters bevat wat die leerlinge met verkeerde spasiërings skrywe.

Wat die hoofletters betref, is die noukeurige waarneming van goeie voorbeelde die beste manier om foutiewe spasiërings tussen hulle elemente te herstel.

Nadat die leerlinge met foutiewe spasiërings tussen die elemente van letters 'n begrip van die spasiërings tussen die elemente van letters het, is hulle deur oefening geleer om die afstande te skat.

(b) Spasiëring tussen letters:

Die aandag van die leerling met foutiewe spasiërings tussen letters is bepaal op die pamflet „Handskrif", pp. 4 en 5. Die idee dat al die op- en neerhale van letters respektiewelik 10 en 40 grade moet wees, is deeglik met behulp van die bord en kryt tuisgebring. Die op- en neerhale op die bord is verleng. Afgerolde afskrifte, voorskrifte op die bord of letterkaarte is aan die leerlinge vir oefenwerk gegee.

(c) ........

(c) Spasiëring tussen woorde:

Die spasies tussen woorde varieer volgens die grootte van die skrif, daar die beginpunt van 'n woord net so ver van die eindpunt van die voorafgaande woord moet wees as wat die grootte van die kleinletters is.

Die begrip is aan die leerlinge met behulp van die bord en kryt verduidelik. Hulle is verder verwys na hulle leesboeke se drukwerk waarin die begrip van uniforme spasiëring tussen woorde duidelik na vore tree.

Die afbreek van woorde aan die einde van 'n reël is deur deeglike behandeling tuisgebring.

Die teks is op die bord geskrywe en in samewerking met die leerlinge is die verkeerde spasiëring tussen letters met 'n afhaal aangedui. Die leerlinge skryf dit af in hulle boeke en probeer om hulle foutiewe spasiërings aan te dui.

Afgerolde afskrifte, voorskrifte op die bord, letterkaarte of bekende gedeeltes uit hulle leesboeke is vir oefenmateriaal gebruik.

(d) Die spasiëring tussen skryfreëls:

Dit word bepaal deur die liniëring van die skrifte wat gebruik word.

As 'n leerling skrywe, is daarteen gewaak dat

(i) die pen nie te vinnig na regs beweeg nie,

(ii) die leerling nie te veel laterale bewegings maak nie.

Die regte plasing van hoofde van skriftelike werk asook die plasing daarvan op die vel papier het ook besondere aandag geniet.

(iii) Parallelisme:

Parallelisme is aan die leerlinge tuisgebring met behulp van die bord, kryt en 'n liniaal. Die leerlinge is

ook/ .........

ook verwys na die pamflet „Handskrif" pp. 4 en 5.

Parallelisme geld veral vir twee tipes van strepe, te wete op- en neerhale. Die ophale moet 40 grade en die neerhale moet 10 grade wees. Die aanleer van parallelisme is 'n saak van gereelde en ingespanne oefening.

B. P. Beale[(1)] sê: „The letters which extend below the line should show the same slant as those above the line. The principle of parallel slants brings about harmony in writing."

Enkele lang letters is met behulp van 'n potlood en 'n liniaal deur die leerlinge self getoets deur strepe ewewydig met die lang letters se afhale te trek om te sien of die letters ewewydig is. Leerlinge het ook ewewydige strepe op deurskynende papier getrek en hulle letters se parallelisme daaraan getoets.

Daar is gelet of die leerling se skryfarm te na aan sy liggaam is; sy duim te styf is; die penpunt te ver van die vingerpunt is; die papier in die regte posisie en of die afhale in die regte rigting is. In verband met die laasgenoemde sê mejuffrou Nystrom[(2)]: „Correct slant can be secured by holding the paper so that the lines on the paper slant in the direction as the fingers of the left hand when the hand is extended diagonally across the desk and by directing the writing motion toward the centre of the body."

Skryfvoorbeelde wat van die lang letters soos die f,

1,/ ..........

---

(1) Beale, Trends in Handwriting, 31.

(2) Brueckner and Mëlby, Diagnostic and Remedial Teaching, 428.

l, p en j bevat, is opgestel en vir die beoefening van parallelisme gebruik. Afskrifte, voorskrifte op die bord of letterkaarte is vir oefenmateriaal gebruik.

Die teks is op die bord geskrywe en is gesamentlik vir parallelisme geanaliseer.

L. Quant[1] sê: „The slant of handwriting is conditioned by the muscular control and skill of the writer. Teachers should emphasize regular slant as an important aspect of correct letter formation in order to increase the legibility of handwriting."

(iv) Aliniëring:

Skrif is goed gealinieer as die boonste sowel as die onderste uiterstes van letters wat ewehoog behoort te wees werklik of denkbeeldige ewewydige reguit lyne raak, byvoorbeeld enkelhoogte letters soos die a,c,e,i,m,n,o,r,s,u,v, w en x, die dubbelhoogte letters soos die b,g,h,j,k,l,q, y en z, die driedubbelhoogte letters soos die f, die een-en-'n-halfhoogte letters soos die d en t en die twee-en-'n-halfhoogte letter soos die p. Van die hoofletters is die die G,J,Y en Z drie keer die hoogte van kleinletters en die res algar van dubbelhoogtes.

Die hoogte van letters is 'n kwessie van skatting, en die stuur van die hand deur die oog is 'n saak van inoefening. Die gevoel vir die grootte van letters is deur die gebruik van goeie skrifvoorbeelde aangekweek.

Die idee van aliniëring is op die bord met behulp van kryt en 'n liniaal aan die leerlinge verduidelik. 'n Sin

is/ .......

(1) Quant, Factors affecting the legibility of Handwriting, 316.

is op die bord geskrywe en 'n streep is horisontaal getrek wat aan die bokante van die kleinletters raak. Al die kleinletters wat nie aan die streep raak nie is te klein.

Die leerlinge het potloodstrepe bokant hulle klein letters getrek en sodoende hulle eie aliniërings getoets.

As die leerlinge skrywe, is sorg gedra dat hulle ruimte het om te beweeg. Verder het die leerlinge hulle skryfboeke so geskuif dat die skryfreël altyd in lyn met die gesig van die leerling is.

Afskrifte, voorskrifte of letterkaarte is as oefenmateriaal gebruik. Deur letterformasie genoeg te beklemtoon met die onderrig van handskrif het aliniëring tot sy reg gekom.

Aliniëring is 'n natuurlike uitvloeisel van ritmiese bewegings in die skryfproses.(1)

(v) Kwaliteit van lyn:

In verband met kwaliteit van lyn sê F. N. Freeman,(2): „The stroke may be smooth, firm and even; or it may be tremulous, weak and irregular. The one kind of stroke inevitably suggests a smoothly flowing, free and regular movement, and the other an uneven, jerky, cramped movement."

Kwaliteit van lyn is bekom deur 'n goed gekoördineerde skryfbeweging. Foute hierin is eerder deur aandag aan die beweging te gee herstel, dan deur die aandag direk op die skrywe te vestig. Die skryfgereedskap en skryfhouding van die leerling is sover moontlik reggestel. Die

leerling/ .......

(1) Quant, Factors affecting the Legibility of Handwriting, 316.

(2) Freeman, The Teaching of Handwriting, 129.

leerling is dopgehou terwyl hy skrywe. Die ideaal is 'n egalige lyn van skrywe.

Afskrifte, voorskrifte of letterkaarte is gebruik om reëlmatig en ferm skryfbewegings te bewerkstellig. In verband met die kwaliteit van lyn sê L. Quant,[1]: „It is probably best that children should use a medium weight of line. Since there is no clear-cut case for either the light or the heavy pen, it is probably best to use a pen of medium weight."

L. Quant[2] vat die voorafgaande vyf eienskappe mooi saam wanneer hy sê dat die eienskappe, te wete letterformasie, aliniëring, paralellisme, spasiëring en kwaliteit van lyn net onderrig moet word omdat die leesbaarheid van 'n persoon se handskrif daardeur verbeter word.

(b) Spoed:

Spoed en kwaliteit is twee variante eienskappe van handskrif. Die een is gewoonlik geneig om ten koste van die ander te ontwikkel.

Lopende skrif is spesiaal met die oog op skryfspoed ontwerp; die slankheid van lettervorms vergemaklik 'n vinnige skryfbeweging. Die herhaalde optel van die skryfinstrument vertraag die skryfspoed aanmerklik. Behoorlike verbindings van letters in 'n woord is van besonder belang vir vloeiend en vinnige skrywe. Die letterverbindings in lopende skrif is van so'n aard dat, behalwe in die geval van sommige hoofletters en die kleinletter x, die pen by die skryf van die hoofdeel van 'n woord nie opgetel moet

word/ .......

---

(1) Quant, Factors affecting the Legibility of Handwriting, 316.

(2) Ibid., 316.

word nie. Die punt op die i en die j en die streep van die t moet eers na voltooiing van die woord aangebring word.

Letterformasie is aanvanklik bo spoed beklemtoon. Korrekte letters is eers aangeleer en daarna is spoed be oefen. Die beste voorbereiding tot die verkryging van spoed is die ontwikkeling van 'n hoëmate van leesbaarheid.(1) Die aandag van die leerlinge is doelbewus op spoed gevestig, maar met die voorbehoud dat die verbetering van spoed nie ten koste van kwaliteit geskied nie. Die teks is deur die leerlinge geskrywe en die resultate van die spoed- en kwaliteitsprestasies is aan die leerlinge getoon.

Die Transvaalse Onderwysdepartement beveel in die pamflet „Handskrif" soos volg aan: „Spoed sal handskrif nie bederf as gedurige en gereelde oefeninge in leesbaarheid en netheid gegee word, en as swak werk nooit deur die onderwyser aangeneem word nie. Die volgende punte is belangrik:

(a) Penne (potlode) moet so min as moontlik opgetel word wanneer letters gevorm word.

(b) 'n Effense vorentoe helling is 'n hulpmiddel tot verbeterde spoed. Om dit te verkry, moet die papier geskuif word om 'n hoek van ongeveer 30 grade met die kant van die tafel te vorm.

(c) Geronde letters lei tot stadiger skrif. Let op die puntige formasie van die letters a,d,g en q. In die

geval/ .......

---

(1) Cole, Psychology of the Elementary School Subjects, 129.

geval van m en n moet die ophale die neerhale omtrent halfpad verlaat."

Verder word deur die Transvaalse Onderwysdepartement in die „Voorgestelde Leerplanne vir Grade - Standerd VIII" op p. 292 voorgestel: „Teen die end van Std IV en daarna moet spoedoefeninge (en toetse) gegee word en individuele leerlinge gestimuleer word om intensiewe spoedoefeninge vir bepaalde tydperke te doen, byvoorbeeld 15 minute per dag of twee periodes per dag vir 'n week op 'n slag, staak vir 14 dae en herhaal oefening."

C. HOUDING:

Die houding van 'n leerling teenoor sy handskrif is van die allergrootste belang. Aangesien skooltoestande geneig is om 'n negatiewe houding teenoor handskrif(1) te ontwikkel, vereis die bepaalde aspek die besondere aandag van die onderwyser.

Belangstelling vir netjies leesbare handskrif kan gewek word deur muurkaarte, die pamflet „Handskrif" en mooi voorbeelde van handskrifte aan hulle te toon. Die take wat hulle moes uitvoer, was nie te veeleisend nie. Skriftoetse is afgelê om hulle standaard met die van ander klasse te vergelyk. Daar is aangemoedig en krediet is gegee vir suksesvolle pogings wat aangewend is om skrif te verbeter. Klasbesprekings oor handskrif is gevoer en die klas as geheel is beweeg om die idee dat 'n leesbare handskrif die verkieslikste is, te aanvaar. Die mikpunt wat die klas as geheel aanvaar, het, was redelik bereikbaar.

R. S. Ellis,(2) konstateer: „A further and most im-

portant/ ......

(1) Fernald, Remedial Techniques in Basic School Subjects, 13.

(2) Ellis, Educational Psychology, 6.

portant factor to consider in connection with any program aimed at the development of attitudes is the impact of the program on the feelings of self-regard of the students.

Punishment attaches a hazard to the doing of something that is considered desirable."

Sarkasme en neerhalende persoonlike aanmerkings vernietig die goeie verhouding wat daar tussen onderwyser en leerling mag bestaan.

Volgens F. J. Schonell[1] hang dit van 'n normale leerling se emosionele houding teenoor sy agterstand af of die leerling van sy agterstand gaan herstel of nie. Verder beklemtoon Schonell ook die feit dat 'n simpatieke en koöperatiewe houding aan die kant van die onderwyser baie tot die herstelling van sy leerlinge se moeilikhede bydra.

As dit dan so is dat houding 'n sosiale verskynsel is en sy ontstaan te danke het aan die geestelike wisselwerking van die lede van 'n groep en dat die groep sy lede aan 'n proses van enerswording onderwerp, wil dit voorkom of 'n verandering in die houding van 'n lid van die groep via die bearbeiding van die groep moet geskied.[2]

D. <u>SKRYFHOUDING:</u>[3]

Die twee groot foute in die liggaamshouding wat opgemerk is, is die volgende:-

(a) Die/ .......

---

(1) Schonell, Diagnosis of Individual Difficulties in Arithmetic, 99.

(2) Sprott, Changing of attitudes in Groups, 115.

(3) T. O. D. Voorgestelde Leerplan vir Grade tot Standerd VIII, 284.

(a) Die borskas leun teen die rand van die bank en word dan saamgedruk.

(b) Die lyf word te ver vooroorgebuig en die oë is te naby die skryfvlak.

Om teen die foute te waak, moet die onderwyser toesien dat:

(1) die voete plat op die grond is, dit wil sê die deel van die bene onder die knieë regaf moet wees, maar die kinders toegelaat kan word om hulle voete in enige natuurlike houding te plaas mits albei voete plat op die vloer en die onderste gedeelte van die bene regaf is;

(2) die skouers ewe hoog parallel met die bank is, die rug nie krom is nie, die borskas nie teen die bank leun nie, die kop effens vooroorgebuig is en nie na die kant nie, met die oë naasteby 'n voet van die skryfvlak af;

(3) die onderste deel van die linkerarm op die rand van die bank rus met die hand plat op die skryfvlak.

Die skryfhouding wat deur F. N. Freeman en M. L. Dougherty(1) in hulle werk beskrywe word, kom in hooftrekke ooreen met die voorafgaande skryfhouding.

Vanweë die individuele verskille wat daar onder leerlinge bestaan, wil dit dus voorkom of daar nie meer rigoristies vas gekleef word aan die opvatting dat die skryfhouding van elke laerskoolleerling presies identies aan die skryfhouding van die ander laerskoolleerlinge sal wees nie. Daar sal dus 'n mate van verskil van leerling tot leerling voorkom. Slegs in die gevalle waar die

skryfhouding/ ....

---

(1) Freeman, and Dougherty, How to teach Handwriting 11 - 12.

skryfhouding opsigtelik die skryfproses rem, is die skryfhouding herstel deur die ou gewoonte deur 'n beter gewoonte te vervang.

J. de V. Heese[1] skryf in die verband: „Daar was 'n tyd toe onderwysers van handskrif baie die ligging van die boek, die hou van die pen, en arms en selfs die plek wat die voete op die vloer inneem, benadruk het."

„Vandag word dit taamlik algemeen besef dat 'n mens nie vaste reëls kan neerlê nie. Die hoofsaak is dat die boek so'n skuinste moet aanneem en die kind so moet sit dat hy so gemaklik moontlik kan skrywe. Die boek kan eerder skuins gehou word as dat die kind sy kop of lyf of albei skuins hou. Ek persoonlik is van oordeel dat die boek nie regop gehou moet word nie."

## SAMEVATTING:

Aan die begin van die betrokke jaar is 'n begin gemaak met 'n remediërende program om die proefklasse se skrifgebreke te herstel. Die abc. klein- en hoofletters is sistematies deurgevoer met spesiale beklemtoning van die letters r,n,e,a,d,o en t. Die gebruik van die grafiek is in besonder beklemtoon om die toetsresultate prominent onder die leerlinge se aandag te bring.

Skrifgebreke is gediagnoseer en onmiddellik deur opvolgwerk aangedurf. Letterkaarte is opgestel om as oefenmateriaal gebruik te word.

Kwaliteit en spoed is twee onderling afhanklike faktore van handskrif wat besondere aandag nodig het. Ten opsigte van kwaliteit is die vyf kriteria elk afsonderlik behandel en daarna is spoed behandel.

Omdat/ .......

---

(1) Heese, Brief aan Mev. Moll; 6.3.1948.

Omdat die houding van 'n leerling teenoor sy handskrif van die allergrootste belang is, is daaraan ook aandag gewy.

Vanweë individuele verskille word daar nie meer rigoristies aan die opvatting gekleef dat die skryfhouding van die een leerling presies identies aan die van die ander leerling moet wees nie.

(7) Die Basiese Beginsels van die Metode van Herstelling:[1]

Die basiese beginsels waarvolgens die metode van herstelling opgestel is, word hieronder aangegee en kortliks bespreek.

Beginsel I - Met die opstelling van die metode van herstelling is daar deeglik van die groei en ontwikkeling van die leerling as geheel kennis geneem.

Aan die leerling as geheel is meer aandag as aan sy skrifgebreke gegee. Pogings is aangewend om tot die grondoorsake van die handskrifgebreke te kom. Die leerling se houding teenoor sy handskrif, teenoor sy handskrifgebreke, teenoor sy onderwyser, sy belangstelling en liggaamlike en verstandelike ontwikkeling is deeglik in aanmerking geneem. Deur die klem op die leerling as geheel in plaas van op die handskrifgebreke te laat val, het die leerling sê persoonlikheid as geheel 'n beter kans tot ontwikkeling gehad, met ander woorde die metode van herstelling was meer pedo- as vaksentries.

Die/ .........

(1) Phillips, Discovery, Identification and Remedial Treatment of difficulties in the fundamental operations in Elementary School Arithmetic, 371.

Die suksesvolle toepassing van die metode van herstelling om die handskrifgebreke op te los en om die leerling in die regte gesindheid teenoor die vak te bring, het grotendeels daarvan afgehang of die onderwysers kon bepaal tot watter mate die leerling se persoonlikheidstrekke tot die veroorsaking van die handskrifgebreke bygedra het.

Beginsel II - Die metode van herstelling veronderstel dat daar behoorlik nagedink word oor die betreklike belangrikheid van die doel van handskrifonderrig.

Die onderwysers het gewaak dat daar nie te veel van die tyd van handskrifonderrig aan die remediërende handskrifonderrig bestee is nie. Daar is ook gedurende skrifperiodes aandag gegee aan die leerling se insigte in, waardering van, en belangstelling in die skryfproses en produk daarvan.

Die leerling se belangstelling in remediërende handskrifonderrig is gaande gehou deur die oefenmateriaal aan die leerling se ervarings en behoeftes te koppel.

Al die ander skoolvakke het tot hulle reg gekom sodat die leerling nie in sy algemene vorming skade gely het nie.

Beginsel III - Die metode van herstelling is as 'n integrerende deel van 'n goed georganiseerde onderrigprosedure ingepas.

Die toetsresultate van die eerste skriftoets het getoon dat daar by die proefklasse standerds 111, 1V en V 'n behoefte aan remediërende handskrifonderrig bestaan het. Ten minste twee redes kan vir die bestaan van die behoefte aan die remediërende onderrig aangevoer word. Eerstens, daar het nog nooit 'n onderwystegniek bestaan wat so na aan volmaak was dat al die leerlinge daarmee

bevredigend/ .....

bevredigend gevorder het nie. Tweedens, klassikale onderrig hou nie rekening met die feit dat al die leerlinge nie met dieselfde spoed leer nie. Al die leerlinge in dieselfde klas doen feitlik dieselfde werk ongeag hulle verskeidenheid van vermöens.

In die proses van remediërende handskrifonderrig is alle handskrifgebreke net sodra dit ontdek is deur onmiddellike opvolgwerk aangedurf. Elke leerling met handskrifgebreke het individueel die aandag van die onderwyser geniet.

Die metode van herstelling is net in die eerste kwartaal toegepas en daarna het die proefklasse weer met die skoolleergang voortgegaan.

Beginsel IV - Liggaamlike gebreke en ongunstige omgewingstoestande is sover moontlik reggestel.

Die leerlinge is deur die skoolverpleegster ondersoek om vas te stel of daar swak gesig, ondervoeding en ander ongesteldhede aanwesig is; sy het die opvolgwerk self gedoen. Wanneer die onderwysers van ongunstige omgewingstoestande te wete gekom het, is pogings aangewend om dit reg te stel.

Beginsel V - Daar is op besondere handskrifgebreke afgestuur.

Die leerlinge se handskrifgebreke is so deeglik moontlik gediagnoseer en die oorsaaklike faktore bepaal. Hoe deegliker die diagnose was, des te verstandiger kon die metode van herstelling opgestel word.

Daar is doelbewus op besondere handskrifgebreke afgestuur. Moeilikheid na moeilikheid is aangedurf. Die leerlinge is aangemoedig om hulle volle aandag aan die

herstelling/ ......

herstelling van moeilikheid na moeilikheid te wy.

Beginsel VI - Die leerlinge met handskrifgebreke het saam met die res van die klas gewerk. Hulle is nie van die klas afgesonder vir herstelwerk nie. Hulle het saam met die res van die klas gewerk. Pogings is aangewend om die leerling deur middel van herstelwerk in staat te stel om sy skryffoute so gou moontlik te herstel, sodat hy weer met die res van die klas dieselfde handskrifoefeninge kon doen.

Beginsel VII - Die individuele verskille is in aanmerking geneem.

'n Geringe positiewe ontwikkeling mag in sommige gevalle van groot betekenis vir die betrokke leerling wees. Aan die stadige leerlinge is take binne hulle bestek gegee. Doel, inhoud en metode is aan die individuele behoeftes van die leerlinge aangepas. Die leerlinge se prestasies is aanskoulik voorgestel.

Beginsel VIII - Die onderwysers het die leerlinge gelei om hulle handskrifmoeilikhede self te ontleed om insig in die aard van hulle moeilikhede te verkry. Die leerlinge is geleer om hulle moeilikhede te verstaan en hoe om hulle besondere moeilikhede aan te durf en op te los.

Beginsel IX - Daar is verslag van die leerlinge se handskrifmoeilikhede en die herstelling daarvan gehou. Die verslae wat die onderwysers gehou het, het hulle in staat gestel om 'n sistematiese oorsig van die korrektiewe werk te kry. Die verslae is ook gebruik vir die verdere opstelling van korrektiewe werk. Die verslae wat in sekere gevalle goeie resultate gelewer het, is weer van gebruik gemaak om dergelike moeilikhede op te

los/ ........

los.

(8) Verhelpingsprogram soos Opgestel vir Proefklas Standerd 111A.

(i) <u>Lesse:</u>

<u>Les 1</u> (13.1.1954.): Die eerste skriftoets word gegee. (Kyk p. 161.) Die toets is deur 36 leerlinge afgelê. Resultate (kyk pp. 197 en 198.):

| | <u>Proefklas.</u> | <u>Standaard.</u> |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit | 8.0. | 8.3. |
| Gemiddelde spoed | 33.2. | 29.1. |
| Gemiddelde skrifprestasie | 25.6. | 25.7. |

Volgens die resultate van die eerste toets is die gemiddelde kwaliteit van die proefklas .3 kwaliteit benede standaard. Die gemiddelde spoed van die proefklas is 4.2 letters per minuut bo die standaard en die gemiddelde skrifprestasie van die proefklas is .1 benede die standaard.

Samevatting van grafiek I. (Kyk p. 198.)

| | |
|---|---|
| 5 | 10 |
| 8 | 13 |

Volgens grafiek I val 10 leerlinge in afdeling 1, 13 leerlinge in afdeling 11, 8 leerlinge in afdeling 111 en 5 leerlinge in afdeling IV. Van die 36 leerlinge van die proefklas het 10 leerlinge bo standaard met betrekking tot kwaliteit en spoed gepresteer. Dertien leerlinge se spoed is bo standaard maar hulle kwaliteit is benede standaard. Agt leerlinge is onder standaard met hulle spoed en kwaliteit en vyf leerlinge se spoed is benede standaard.

Die feit dat 21 leerlinge se kwaliteit moet verbeter en 12 leerlinge se spoed moet verbeter, beklemtoon die noodsaaklikheid van verhelpingsonderrig.

Die/.........

Die volgende 21 leerlinge het individuele aandag nodig om hulle kwaliteit te verbeter: nommers 5, 10, 12, 14 16, 23, 24, 26, 28, 31, 32, 33, 35, 36,1, 8, 9, 18, 19, 20 en 27.

Die volgende 13 leerlinge het individuele aandag nodig om hulle spoed te verbeter: nommers 1, 8, 9, 18, 19, 20, 27, 3, 15, 21, 25, 30 en 32.

Les 2 (14.1.1954 ):

'n Klasbespreking van handskrif:

A. Bespreek met die leerlinge die redes waarom daar geskrywe word.

(1) Vir kommunikasie.

(2) Om verslae te hou.

B. Beklemtoon die feit dat as 'n persoon nie 'n drukkery of tikmasjien het nie, hy met die hand moet skrywe.

C. Wat die skrywer moet doen om die lees te vergemaklik?

(1) Maak die letters groot.

(2) Maak hulle akkuraat.

(3) Maak hulle sonder krulle.

D. Wat moet die skrywer vir homself doen?

(1) Hy moet redelik vinnig skrywe sodat hy kan klaar kry.

(2) Hy moet vloeiend skrywe sodat hy kan klaar kry.

(3) Hy moet gemaklik skrywe.

(4) Hy moet probeer om sy vorige skrif te verbeter.

E. Verduidelik dat daar 'n tyd kom wanneer jy nie meer op jou skrif kan verbeter nie.

F. Verduidelik/ .....

# PRESTASIESTAAT.

ST.IIIA

DATUM 13:1:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 24 | 7 | 20 | Kwaliteit &Spoed |
| 2. | 30 | 9.5 | 29 | |
| 3. | 24 | 9 | 26 | " |
| 4. | 36 | 10 | 33 | |
| 5. | 39 | 6 | 20 | " |
| 6. | 50 | 9 | 33 | |
| 7. | 30 | 9 | 28 | |
| 8. | 24 | 7.5 | 22 | " " |
| 9. | 23 | 7 | 20 | " " |
| 10. | 32 | 6 | 19 | " |
| 11. | 50 | 9 | 33 | |
| 12. | 35 | 5.5 | 18 | " |
| 13. | 36 | 11 | 36 | |
| 14. | 36 | 7 | 23 | " |
| 15. | 23 | 9 | 25 | " |
| 16. | 31 | 7 | 22 | " |
| 17. | 49 | 9 | 33 | |
| 18. | 24 | 6 | 17 | " " |
| 19. | 25 | 7 | 20 | " " |
| 20. | 23 | 8 | 22 | " " |
| 21. | 23 | 10 | 28 | " |
| 22. | 48 | 9 | 32 | |
| 23. | 44 | 7.5 | 26 | " |
| 24. | 30 | 8 | 25 | " |
| 25. | 24 | 9 | 26 | " |
| 26. | 36 | 6 | 19 | " |
| 27. | 25 | 6 | 17 | " " |
| 28. | 36 | 7 | 23 | " |
| 29. | 35 | 9.5 | 31 | |
| 30. | 24 | 9 | 26 | " |
| 31. | 41 | 6.5 | 22 | " |
| 32. | 29 | 8 | 25 | " " |
| 33. | 36 | 8 | 26 | " |
| 34. | 47 | 8.5 | 31 | |
| 35. | 35 | 7 | 23 | " |
| 36. | 39 | 8 | 26 | " |
| 37. | | | | |
| 38. | | | | |
| 39. | | | | |
| 40. | | | | |
| 41. | | | | |
| 42. | | | | |
| | 33.2 | 8 | 25.6 | Gemiddeld |
| | 29.1 | 8.3 | 25.7 | Standaard. |

GRAFIEK 1.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IIIA MET DIE EERSTE TOETS.



F. Verduidelik aan die leerlinge dat hulle aan 'n eksperiment gaan deelneem en hoe aangenaam dit gaan wees. Die teks word op die bord geskrywe en geleer.

Les 3 (15.1.1954):

Die Klasbespreking word voortgesit. Muurkaarte en prototipe letters van pamflet „Handskrif" word getoon.

Les 4 (18.1.1954): Die grafiek word aan die leerlinge verduidelik. (Kyk p. 198.) Die teks word geleer.

Les 5 (19.1.1954): Daar word 'n begin gemaak om die abc sistematies deur te werk. Daar word begin met die letter „a". (Kyk letterkaart nommer 1, p. 170.) Die ophaal begin op die gidslyn. Die laaste gedeelte van die ophaal word effens gebuig maar draai nie na onder nie. Die swaai word na links en afwaarts gemaak. Die ovaalvorm word voltooi met die regte breedte. Die reguit ophaal verlaat die ovaal halfpad en gaan byna tot die onderste gidslyn. Maak die onderdraai. Die ophaal eindig op dieselfde hoogte as die kleinletters. Die pen word nie opgetel nie.

Waak teen die volgende.:

a soos u, o, ci, nie gesluit nie, swaai na links verkeerd, en die ophaal word nie tot in die helfte gevolg nie. Die a en die A is gelykvormig. Die hoofletter is dubbel die hoogte van die kleinletter. Die kriteria van parallelisme, spasiëring, kwaliteit van lyn en aliniëring moet in diens staan van letterformasie in die vorming van letters. Die leerlinge onderaan les 1 genoem, ontvang individuele hulp in die vorming van die a as hulle behoefte daaraan het.

Les 6 (20.1.1954): Die teks word op die bord geskrywe/ .........

skrywe en die kriteria word beklemtoon. Die leerlinge skryf die teks af en die leerlinge met remediërende behoeftes (kyk p. 196) ontvang individuele hulp.

Les 7 (21.1.1954): Die b en B word beoefen (kyk letterkaart nommer 2, p. 170) en "ba, baba en abba" word geskrywe.

Die ophaal van die b begin op die gidslyn, die bolis word gevorm, die afhaal kruis die ophaal in die middel. Die onderdraai moet effens rond en die ophaal moet nie reguit wees nie. Die ogie word beklemtoon. Die afhale van die b's moet parallel wees. Verbind die b met die a.

Die hoofletter en die kleinletter verskil. Beklemtoon die ogie. Let op hoe die onderste boog boontoe buig. Let op die breedte van die ovale.

Waak teen b soos li, l, k, f, faling om die bolis te maak, faling om onder te rond, faling om oop te laat, faling om die ophaal te voltooi en 'n kort bodeel.

Die leerlinge met remediërende behoeftes (kyk p. 196) ontvang individuele hulp.

Les 8 (25.1.1954): Die c en C word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 3, p. 170.) Die ophaal begin op die gidslyn en draai effens af. Let op die halwe ovaal, die onderdraai en die ophaal. Die hoofletter is net dubbel die grootte van die kleinletter.

Waak teen die c soos e, i, a, sonder ophale nie rond nie en gesluit.

Die genoemde leerlinge ontvang individuele aandag indien nodig.

Les 9 (26.1.1954): Die d en D word beoefen en letterkaart nommer 4, p. 170 word gebruik. Die d is net soos die a behalwe dat die afhaal een en 'n halwe eenheid lank

is/........

is. Die afhale moet parallel wees. Daar is geen ooreenkoms tussen die hoof- en kleinletter nie. Dit het 'n dubbelhoogte. Die afhaal is reguit af met 'n oog op die gidslyn. Die ophaal is ovaal. Die eindboog kom tot in die middel van die afhaal.

Waak teen die d soos cl, l, a, oop, kort bodeel en die swaai na links verkeerd. Die genoemde leerlinge ontvang individuele aandag indien nodig.

Les 10 (27.1.1954): Die a, aa, en daar, word geskrywe en genoemde leerlinge ontvang individuele aandag waar nodig. (Kyk p. 196.)

Les 11 (28.1.1954): Die e, ee en E word beoefen (kyk letterkaart nommer 5, p.171) en "een been" word geskrywe.

Die e se eerste ophaal begin op die gidslyn. Die eerste ophaal is skuinser as die tweede ophaal. Let op die e se oog, halwe ovaal en ophaal.

Die boonste gedeelte van die hoofletter is net soos die kleinletter. Let op die klein ogie, groot boog en groot ronde draai. Die eindhaal is net soos die van die kleinletter.

Waak teen die e soos c, i, gesluit, te hoog, sonder eindhaal en te klein. Genoemde leerlinge ontvang aandag indien nodig.

Les 12 (29.1.1954): Tweede Toets. Die toets is deur 37 leerlinge afgelê.

Resultate van proefklas (kyk pp. 203 en 204).

| | Eerste toets | Tweede toets |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit | 8.0. | 9.0. |
| Gemiddelde spoed | 33.2. | 39.6. |
| Gemiddelde skrifprestasie | 25.6. | 30.0. |

'n Vergelyking van die tweede toets met die eerste toets toon die volgende:

(i) Die/ ........

(i) Die kwaliteit het met 1 kwaliteit toegeneem.

(ii) Die spoed het met 6.4 letters per minuut toegeneem.

(iii) Die skrifprestasie het met 4.3 verbeter.

Die resultate van die tweede toets toon 'n algemene toename in prestasies as gevolg van die onderrig wat tussen die twee toetse gegee is.

Samevatting van grafiek 2. (Kyk p. 204.)

| 6 | 21 |
|---|---|
| 3 | 7 |

Die gegewens van die tweede toets is op grafiek 2 saamgevat. Die getalle in die vier afdelings het 'n verandering ondergaan.

(i) Afdeling I het met 11 vermeerder.

(ii) Afdeling II het met 6 verminder.

(iii) Afdeling III het met 5 verminder.

(iv) Afdeling IV het met 1 vermeerder.

Die veranderings van getalle toon dat daar 'n verbetering in die leerlinge se kwaliteitprestasies plaasgevind het.

Die leerlinge van afdelings II en III moet hulle kwaliteit, en die leerlinge van afdelings III en IV moet hulle spoed verbeter.

Die volgende 10 leerlinge moet hulle kwaliteit verbeter: nommers 9, 20, 27, 35, 32, 16, 28, 29, 14 en 5. Aan die leerlinge moet gedurende skrifperiodes individuele aandag aan die kwaliteit van hulle handskrif gegee word.

Die volgende leerlinge se spoed moet verbeter: nommers 37, 18, 15, 12, 8, 9, 20, 30 en 27. Hulle het individuele aandag nodig om hulle spoed te verbeter.

<u>Les 13</u> (1.2.1954): Die f word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 6, p. 171.)

Begin met die ophaal van die f op die gidslyn. Dit

**PRESTASIESTAAT.2**

ST.IIIA DATUM 29:1:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | Opmerkinge. | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 30 | 10 | 31 | | |
| 2. | 45 | 10 | 36 | | |
| 3. | 36 | 9 | 29.7 | | |
| 4. | 43 | 9.5 | 33.1 | | |
| 5. | 50 | 7 | 25.9 | Kwaliteit | |
| 6. | 55 | 11 | 41.8 | | |
| 7. | 50 | 10 | 37 | | |
| 8. | 25 | 10 | 29 | | Spoed |
| 9. | 25 | 8 | 23.2 | " | " |
| 10. | 45 | 9 | 32.4 | | |
| 11. | 50 | 9 | 33.3 | | |
| 12. | 26 | 9.5 | 28.5 | | " |
| 13. | 37 | 11 | 36.3 | | |
| 14. | 50 | 8 | 29.6 | " | |
| 15. | 25 | 9 | 26.1 | | " |
| 16. | 40 | 8 | 27.2 | " | |
| 17. | 50 | 9 | 33.3 | | |
| 18. | 23 | 8.5 | 23.8 | | " |
| 19. | 50 | 9 | 33.3 | | |
| 20. | 29 | 8 | 24.8 | " | " |
| 21. | 36 | 9 | 29.7 | | |
| 22. | 50 | 8.5 | 31.5 | | |
| 23. | 48 | 10 | 36 | | |
| 24. | 49 | 9 | 33.3 | | |
| 25. | 36 | 11.5 | 38 | | |
| 26. | 36 | 9 | 29.7 | | |
| 27. | 29 | 8 | 24.8 | " | " |
| 28. | 45 | 8 | 28.8 | " | |
| 29. | 49 | 8 | 29.6 | " | |
| 30. | 23 | 9 | 25.2 | | " |
| 31. | 43 | 8.5 | 29.8 | | |
| 32. | 37 | 7.5 | 24.8 | " | |
| 33. | 50 | 8.5 | 31.5 | | |
| 34. | 45 | 8.5 | 30.6 | | |
| 35. | 33 | 8 | 25.6 | " | |
| 36. | 37 | 9 | 29.7 | | |
| 37. | 16 | 11 | 27.5 | | " |
| 38. | | | | | |
| 39. | | | | | |
| 40. | | | | | |
| 41. | | | | | |
| 42. | | | | | |
| | 39.6 | 9.0 | 30.6 | GEMIDDELD | |
| | 29.1 | 8.3 | 25.7 | STANDAARD. | |

**GRAFIEK 2.**

**KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IIIA BEHAAL MET DIE TWEEDE TOETS.**



is 'n driedubbeleenheidletter. Gee aandag aan die afhaal. Dit moet reguit getrek word van die bolis tot die onderlis. Die afhale moet parallel wees. Die ophaal van die onderlis raak die stam in die middel en gaan oor in die eindboog. Gee aandag aan die ophaalverbindings, boogverbindings en die herhaling van die f. Die f's moet gelykvormig wees en dit is uiters belangrik dat die stamme bo en onder die gidslyn sal wees. Waak teen die f soos oj, b, sonder bo- en onderlisse, sonder kontakpunte en kort bo- en onderdele.

Die genoemde leerlinge aangegee onderaan les 12, (kyk p. 201) ontvang individuele aandag waar nodig.

<u>Les 14</u> (2.2.1954): Die F word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 6, p. 171.) „Faan fluit" word geskrywe. Die hoofletter verskil van die kleinletter. Die eerste element is golwend na regs, die afhaal is reguit met 'n krul na links. Die dwarsstreep kruis die stam halfpad met linker en regter gedeelte ewe lank. Die dwarsstreep word voltooi voor die ophaalverbinding aangeheg word.

Die genoemde leerlinge aangegee onderaan les 12 (kyk p. 201) ontvang individuele aandag.

<u>Les 15</u> (3.2.1954): Die teks word van die bord geskrywe met die beklemtoning van die kriteria. Genoemde leerlinge (kyk les 12, p. 201) ontvang individuele aandag.

<u>Les 16</u> (4.2.1954): Die letterkaarte a en e (kyk p. 170) word as oefenmateriaal gebruik. Genoemde leerlinge (kyk les 12, p. 201) ontvang individuele aandag.

<u>Les 17</u> (5.2.1954): Die g en G (kyk p. 171) word beoefen en die woord „Graag," word geskrywe.

Die/ ........

Die g word soos die a gevorm met 'n reguit verlenging van die afhaal en 'n onderlis word na links gevorm.

Die hoofletter is 'n drie-eenheidletter. Die eerste element is 'n l en die tweede element is die afhaal van die g. Let op spasiëring en parallelisme. Die bo- en onderlis moet ewe groot wees.

Waak teen die g soos y, oop, lis onder gidslyn verkeerd, die kruising nie op die gidslyn nie, kort onderdeel en die swaai na links verkeerd.

Genoemde leerlinge (kyk les 12, p. 201) ontvang individuele aandag. Die g verdien besondere aandag. (Kyk letterkaart nommer 7, p. 171.)

Les 18 (8.2.1954): Die h en H word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 8, p. 171.) Die eerste element van die h is die l en die tweede element is die tweede deel van die n.

Die hoofletter is verskillend. Die ophaal begin in die middel van die hoogte en gaan oor in 'n reguit afhaal tot op die gidslyn. Die tweede afhaal is parallel met die eerste. 'n Groot oog word na links gemaak. Gee aandag aan die boogverbinding. Waak teen die k soos li, p, b, l, bolisronding, sonder eindhaal, kort bodeel en gesluit. Genoemde leerlinge (kyk les 12, p. 201) ontvang individuele aandag.

Les 19 (9.2.1954): Die letterkaart nommer 9, (kyk p. 172) word as oefenmateriaal gebruik om die i en I te beoefen. Die i word gevorm deur die ophaal op die gidslyn te begin en 'n skerp hoek te vorm met die afhaal. Dit maak 'n onderdraai en die eindhaal gaan op. Plaas die punt.

Die hoofletter is anders. Maak 'n halfsirkelboog met 'n afhaal soos die F.

Waak/ .......

Waak teen die i soos 'n e, punt regs of links sonder punt gesluit.

Die genoemde leerlinge (kyk les 12, p. 201) ontvang individuele aandag.

<u>Les 20</u> (10.2.1954): Die teks word gebruik om die kriteria te beoefen.

<u>Les 21</u> (11.2.1954): Funksionele materiaal word gebruik vir oefening. Die kriteria word beklemtoon.

<u>Les 22</u> (12.2.1954): Derde toets. Die toets is deur 35 leerlinge afgelê.

Resultate van proefklas (kyk pp. 208 en 209):

| | Tweede toets | Derde toets |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit | 9.0. | 9.0. |
| Gemiddelde spoed | 39.6. | 40.5. |
| Gemiddelde skrifprestasie | 30.0. | 30.6. |

'n Vergelyking van die derde toets met die tweede toets toon die volgende:

(i) Die kwaliteit het konstant gebly.

(ii) Die spoed het met .9 verbeter.

(iii) Die skrifprestasie het met .6 verbeter.

Die derde toets se resultate toon 'n geringe toename op die resultate van die tweede toets.

Samevatting van grafiek 3:

| 4 | 31 |
|---|---|
| 0 | 0 |

Die gegewens van die derde toets is op grafiek 3 (kyk p.209) saamgevat.

Die getalle in die vier afdelings het 'n verandering ondergaan:

(i) Afdeling I het met 10 vermeerder.

(ii) Afdeling II het met 7 verminder.

(iii) Afdeling III het met 3 verminder.

(iv) Afdeling IV het met 2 verminder.

Die/ ..........

## PRESTASIESTAAT. 3

ST.IIIA DATUM 12:2:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 29 | 8.5 | 26.4 | Spoed |
| 2. | 44 | 10 | 35 | |
| 3. | 32 | 9.5 | 30.4 | |
| 4. | 50 | 10 | 37 | |
| 5. | 61 | 9 | 35.1 | |
| 6. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 7. | 42 | 11 | 38.5 | |
| 8. | 39 | 10 | 34 | |
| 9. | 30 | 9 | 27.9 | |
| 10. | 40 | 9 | 30.6 | |
| 11. | 52 | 8.5 | 31.5 | |
| 12. | 37 | 8.5 | 28.1 | |
| 13. | 36 | 10 | 33 | |
| 14. | 40 | 9.5 | 32.1 | |
| 15. | 29 | 9 | 27.9 | " |
| 16. | a | a | a | |
| 17. | 52 | 9.5 | 35 | |
| 18. | 29 | 8.5 | 26.4 | " |
| 19. | 36 | 9.5 | 31.4 | |
| 20. | a | a | a | |
| 21. | 36 | 9 | 29.7 | |
| 22. | 50 | 8.5 | 31.5 | |
| 23. | 52 | 9 | 33.3 | |
| 24. | 43 | 9 | 31.5 | |
| 25. | 41 | 9.5 | 32.1 | |
| 26. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 27. | 36 | 9 | 29.7 | |
| 28. | a | a | a | |
| 29. | 43 | 9.5 | 33.1 | |
| 30. | 33 | 9 | 28.8 | |
| 31. | 43 | 9 | 31.5 | |
| 32. | 37 | 8.5 | 28.1 | |
| 33. | 43 | 9 | 31.5 | |
| 34. | 36 | 9 | 29.7 | |
| 35. | 39 | 9 | 30.6 | |
| 36. | 41 | 8.5 | 28.9 | |
| 37. | 20 | 10 | 27 | " |
| 38. | 32 | 11 | 35.2 | |
| 39. | | | | |
| 40. | | | | |
| 41. | | | | |
| 42. | | | | |
| | 40.5 | 9 | 30.6 | GEMIDDELD. |
| | 29.1 | 8.3 | 25.7 | STANDAARD. |

GRAFIEK 3.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IIIA BEHAAL MET DIE DERDE TOETS.



Die veranderings in getalle toon aan dat daar 'n verbetering in sommige leerlinge se kwaliteitsprestasies plaasgevind het.

Volgens die grafiek (kyk p. 209) is daar 4 leerlinge van wie die spoed moet verbeter. Nommers 1, 15, 37 en 18. Maar die grafiek dui ook aan dat daar 7 leerlinge is van wie die kwaliteit net bokant die standaard is: nommers 1, 11, 12, 18, 22, 32 en 36. Hulle het dus nog individuele hulp nodig om hulle kwaliteit te verbeter.

<u>Les 23</u> (15.2.1954): Die teks word afgeskrywe met die beklemtoning van die kriteria. Die leerlinge onderaan les 22 genoem (kyk p. 210) geniet die individuele aandag van die onderwyser gedurende die skrifperiode.

<u>Les 24</u> (16.2.1954): Die leerling skrywe hulle eie keuse. Die genoemde leerlinge (kyk p. 210) geniet individuele aandag ten opsigte van die kriteria.

<u>Les 25</u> (17.2.1954): Die j en J word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 10, p. 172.) Die j word geskrywe soos die i met die verlenging van die afhaal en die vorming van die onderlis.

Die hoofletter word geskrywe soos die hoofletter I met verlenging van die afhaal en die vorming van die onderlis.

Daar word gewaak teen: sonder punt, verkeerde onderlis en kruispunt en 'n kort onderdeel.

Die genoemde leerlinge (kyk p. 210) geniet individuele aandag waar nodig.

<u>Les 26</u> (18.2.1954): Die k en K word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 11, p. 172.)

Die k word gevorm soos die h met die ogie.

Die/ .........

Die eerste element van die hoofletter is soos die eerste element van die hoofletter H. Die tweede element is 'n haak met die ogie rakende die middel van die eerste afhaal.

Waak teen die k soos die h, sonder bolis, sonder kontakpunt, kort bolis en eindhaal.

Die genoemde leerlinge (kyk p. 210) geniet aandag.

Les 27 (19.2.1954): Beoefen die l en L. (Kyk letterkaart nommer 12, p. 172.) „Leen," word geskrywe.

Begin met die ophaal van die l op die gidslyn en maak die bolis dubbelhoogte. Die afhaal kom regaf, maak die onderdraai en voltooi die ophaal. Dit is uiters noodsaaklik dat die afhale van die l'e parallel sal wees. Die ophaal van die L begin 'n kwarthoogte bokant die gidslyn en voltooi 'n l met die oog na links en maak die ophaal. Waak teen die l soos i, t, bolis toe en die afhale nie parallel nie.

Genoemde leerlinge (kyk p. 210) kry individuele aandag waar nodig.

Les 28 (22.2.1954): Herhaling van letters behandel. Letterkaarte word gebruik.

Les 29 (23.2.1954): Leerlinge skrywe eie keuse en kriteria word beklemtoon.

Les 30 (24.2.1954): Die m en M word beoefen en „Maan" word geskrywe. (Kyk letterkaart nommer 13, p. 173.)

Die beginhaal van die m begin op die gidslyn en die afhale moet parallel wees. Gee aandag aan die bo- en onderdraaie. Die hoofletter is dubbelgrootte. Die ophaal begin een grootte van die gidslyn af.

Waak teen m soos w, verkeerde bodraaie en eindhaal.

Genoemde leerlinge (kyk p. 210) kry individuele aan-

dag/ ......

dag waar nodig.

<u>Les 31</u> (25.2.1954): Vierde Toets. Die toets is deur 40 leerlinge afgelê.

Resultate van proefklas (kyk pp. 214 en 215):

| | <u>Derde Toets.</u> | <u>Vierde Toets.</u> |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit | 9.0 | 9.8. |
| Gemiddelde spoed | 40.5. | 40.7. |
| Gemiddelde skrifprestasies | 30.6. | 33.3. |

'n Vergelyking van die derde en vierde toetse toon die volgende:

(i) Die kwaliteit het met .8 kwaliteit verbeter.

(ii) Die spoed het met .2 letters per minuut verbeter.

(iii) Die skrifprestasie het met 2.7 verbeter.

Die vierde toets se resultate toon 'n redelike toename op die resultate van die derde toets.

Samevatting van grafiek 4.:

| | |
|---|---|
| 6 | 34 |
| 0 | 0 |

Die gegewens van die vierde toets is op grafiek 4 (kyk p. 215) saamgevat.

Die getalle in die vier afdelings het 'n verandering ondergaan:

(i) Afdeling I het met 2 vermeerder.

(ii) Afdeling II het dieselfde gebly.

(iii) Afdeling III het dieselfde gebly.

(iv) Afdeling IV het met 2 vermeerder.

Die verandering in getalle kan deels aan die groter getal leerlinge wat die derde toets afgelê het, toegeskryf word. Die algemene vordering wat daar was soos aangedui deur die verbetering van kwaliteit, spoed, en skrifprestasie, is die vrug van die verhelpingsonderrig wat die leerlinge ontvang het.

Volgens/ ........

Volgens grafiek 4 (kyk p. 215) is daar een leerling: nommer 41 wat naby die standaard val en 13 leerlinge van wie die kwaliteit van hulle handskrif nog kan verbeter word. Gevolglik word 14 leerlinge aanbeveel vir verdere individuele aandag: nommers 5, 10, 18, 19, 22, 26, 27, 28, 31, 32, 25, 36, 16 en 41.

Die volgende leerlinge se spoed moet nog verbeter: nommers 15, 19, 27, 30, 37 en 39.

<u>Les 32</u> (26.2.1954): Die n en N word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 14, p. 173.) „Die man in die maan se naam is Naas," word geskrywe.

Die n word soos die m met slegs twee afhale geskrywe. Die N word dubbel die grootte van die n geskrywe.

Die genoemde leerlinge (kyk P. 213) ontvang individuele aandag.

<u>Les 33</u> (1.3.1954): Die o en O word beoefen. Letterkaart nommer 15, (kyk p. 173) word as oefenmateriaal gebruik.

In die skrywe van die o begin die ophaal op die gidslyn. Anders as met die a, draai die ophaal effens na ondertoe. Die ovaal word gevorm en die laaste element is die holbogie.

Die hoofletter is dubbelgrootte met die ophaal beginnende 'n grootte bo die gidslyn en die eindboog swaai na links. Waak teen die o soos a, r, u gesluit en finale haal op.

Genoemde leerlinge (kyk p. 213) geniet individuele aandag.

<u>Les 34</u> (2.3.1954): Die p en P word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 16, p. 173.) Die woord „Pop" word geskrywe.

Die letter p is twee-en-'n halwe eenheid hoog. Die

ophaal/ .......

## PRESTASIESTAAT. 4.

ST.IIIA　　　　DATUM 25:2:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 39 | 9.5 | 32.1 | |
| 2. | 52 | 12 | 44.4 | |
| 3. | 37 | 10 | 33 | |
| 4. | 52 | 10 | 37 | |
| 5. | 47 | 9 | 32.4 | |
| 6. | 55 | 11 | 41.8 | |
| 7. | 50 | 11 | 40.7 | |
| 8. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 9. | 37 | 9.5 | 31.4 | |
| 10. | 37 | 9 | 29.7 | |
| 11. | 55 | 11 | 41.8 | |
| 12. | 36 | 10 | 33 | |
| 13. | 42 | 11 | 38.5 | |
| 14. | 38 | 10.5 | 35.7 | |
| 15. | 29 | 10 | 31 | Spoed |
| 16. | 40 | 9 | 30.6 | |
| 17. | 50 | 10 | 37 | |
| 18. | 30 | 9 | 27.9 | |
| 19. | 23 | 9 | 25.2 | " |
| 20. | 50 | 10 | 37 | |
| 21. | 39 | 10 | 34 | |
| 22. | 56 | 9 | 34.2 | |
| 23. | 55 | 10 | 38 | |
| 24. | a | a | a | |
| 25. | 41 | 9.5 | 32.1 | |
| 26. | 36 | 9 | 29.7 | |
| 27. | 28 | 9 | 27 | " |
| 28. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 29. | 36 | 9.5 | 31.4 | |
| 30. | 27 | 9.5 | 28.5 | " |
| 31. | 41 | 9 | 30.6 | |
| 32. | 40 | 9 | 30.6 | |
| 33. | 51 | 9.5 | 35 | |
| 34. | 52 | 10 | 37 | |
| 35. | 32 | 9 | 28.8 | |
| 36. | 41 | 9 | 30.6 | |
| 37. | 22 | 10 | 28 | " |
| 38. | 36 | 10 | 33 | |
| 39. | 22 | 11 | 30.8 | " |
| 40. | 31 | 9.5 | 29.5 | |
| 41. | 42 | 8.5 | 29.8 | |
| 42. | | [illegible] | | |
| | 40.7 | 9.8 | 33.3 | GEMIDDELD |
| | 29.1 | 8.3 | 25.7 | STANDAARD |

GRAFIEK 4.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IIIA BEHAAL MET DIE VIERDE TOETS.



ophaal begin op die gidslyn, die afhaal is reguit en die laaste element is soos die van die n. Die afhale van die p's moet parallel wees.

Die ophaal van die P begin een grootte van die gidslyn af, die afhaal is reguit af. Die boog van die P buig om soos die onderste boog van die B.

Waak teen die sluiting van die p, en 'n verkeerde verhouding.

Die genoemde leerlinge (kyk p. 213) geniet spesiale aandag.

<u>Les 35</u> (3.3.1954): Die q en Q word beoefen. Die q word soos die g gemaak met 'n onderdraai. (Kyk letterkaart nommer 17, p. 174.)

Die Q word soos die O gemaak met die eindelement soos die van die L.

Waak teen die q oop, 'n lis, kort onderdeel en die swaai na onder verkeerd.

Die genoemde leerlinge (kyk p. 213)geniet individuele aandag.

<u>Les 36</u> (4.3.1954): Die r en R word beoefen. Letterkaart nommer 18, (kyk p. 174) word as oefenmateriaal gebruik.

Die r begin met die beginelement van die n en eindig met die hol bogie. Die R begin soos die B, maar eindig met 'n onderdraai en 'n ophaal.

Waak teen die r soos i, s, u, e, 'n halwe n en te klein.

Genoemde leerlinge (kyk p. 213) geniet die individuele aandag van die onderwyser gedurende die skrifperiodes.

<u>Les 37</u> (5.3.1954): Die leerlinge skrywe hulle eie keuse.

Les 38 (8.3.1954): Die s en S word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 19, p. 174.) Die woord „Sand" word geskrywe.

Die s word soos 'n i gemaak met 'n eindhaal wat na links draai en die ophaal raak.

Die hoofletter lyk soos die klein s met 'n bolis.

Waak teen die s soos r, i, o en oop punt bo. Die genoemde leerlinge (kyk p. 213) kry individuele aandag.

Les 39 (9.3.1954): Die t en T word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 20, p. 174.)

Die ophaal van die t begin op die gidslyn en die afhaal is een-en-'n halwe eenheid. Dit maak 'n onderdraai met 'n ophaal. Die strepie word van links na regs getrek.

Die hoofletter is soos die F sonder die dwarsstreep.

Waak teen die t soos l, streep bo, geen streep nie, streep regs en links. Genoemde leerlinge (kyk p. 213) kry individuele aandag. Die t is van besonder belang.

Lesse 40 en 41 (10.3.1954 en 11.3.1954): Die teks en ander funksionele materiaal word geskrywe. Die kriteria word beklemtoon. Genoemde leerlinge (kyk p. 213) kom onder die aandag.

Les 42 (12.3.1954): Vyfde Toets: Die toets is deur 41 leerlinge afgelê.

Resultate van proefklasse (kyk pp. 219 en 220):

| | Vierde Toets. | Vyfde Toets. |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit | 9.8. | 9.7. |
| Gemiddelde spoed | 40.7. | 46.0. |
| Gemiddelde skrifprestasie | 33.3. | 34.9. |

'n Vergelyking van die vierde en vyfde toetse toon die die volgende:

(i) Die kwaliteit het met .1 kwaliteit verminder.

(ii)/ ....

(ii) Die spoed het met 5.3 letters per minuut vermeerder.

(iii)Die skrifprestasie het met 1.6 vermeerder.

Die vyfde toets se resultate toon nog 'n toename op die resultate van die vierde toets. Die spoed het tot 'n mate ten koste van die kwaliteit ontwikkel, alhoewel daar nogtans 'n toename in die skrifprestasie is.

Samevatting van grafiek 5:

$\frac{3 \mid 37}{0 \mid 1}$ Die gegewens van die vyfde toets is op grafiek 5 (kyk p. 220)

Die getalle in die vier afdelings het tot 'n mate verander.

(i) Afdeling I het met 3 toegeneem.

(ii) Afdeling II het met 1 toegeneem.

(iii)Afdeling III het dieselfde gebly.

(iv) Afdeling IV het met 3 verminder.

Daar het een leerling bygekom en een leerling het in afdeling II geval.

Volgens die grafiek is daar een leerling nommer 20, wat in afdeling II val. Hy moet individuele aandag ontvang om sy kwaliteit te verbeter. Die drie leerlinge: nommers 19, 29 en 28 val so naby die standaard vir kwaliteit dat hulle ook nog individuele aandag nodig het.

Die leerlinge, nommers 3, 32 en 37, het individuele aandag nodig om hulle spoed te verbeter.

<u>Les 43</u> (15.3.1954): Die u en U word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 21, p. 175.)

Die u word opgebou van die i sonder die punt en die eerste onderdraai meer rond.

Die hoofletter is dubbel die kleinletter met die be-

gin/ ......

PRESTASIESTAAT. 5

ST. IIIA DATUM 12:3:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 30 | 9.5 | 29.5 | Spoed |
| 2. | 56 | 12 | 45.6 | |
| 3. | 23 | 10 | 28 | Spoed |
| 4. | 45 | 11 | 39.6 | |
| 5. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 6. | 55 | 11 | 41.8 | |
| 7. | 43 | 11 | 38.5 | |
| 8. | 46 | 11 | 39.6 | |
| 9. | 30 | 9 | 27.9 | |
| 10. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 11. | 57 | 9.5 | 35.9 | |
| 12. | 39 | 9.5 | 32.1 | |
| 13. | 44 | 12 | 42 | |
| 14. | 43 | 11 | 38.5 | |
| 15. | 33 | 9 | 28.8 | |
| 16. | 44 | 9 | 31.5 | |
| 17. | 57 | 9.5 | 35.9 | |
| 18. | 41 | 9 | 30.6 | |
| 19. | 40 | 8.5 | 28.9 | |
| 20. | 55 | 8 | 30.4 | Kwaliteit |
| 21. | 44 | 10 | 35 | |
| 22. | 50 | 9 | 31.5 | |
| 23. | 36 | 10.5 | 34.7 | |
| 24. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 25. | 50 | 10 | 37 | |
| 26. | 56 | 9 | 34.2 | |
| 27. | 33 | 9 | 28.8 | |
| 28. | 53 | 8.5 | 32.3 | |
| 29. | 50 | 8.5 | 31.5 | |
| 30. | 36 | 10 | 33 | |
| 31. | 40 | 10 | 34 | |
| 32. | 26 | 9 | 27 | " |
| 33. | 62 | 9.5 | 38 | |
| 34. | 44 | 9.5 | 33.1 | |
| 35. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 36. | 43 | 10 | 35 | |
| 37. | 19 | 12 | 32.4 | " |
| 38. | 40 | 9 | 30.6 | |
| 39. | 44 | 10 | 35 | |
| 40. | 37 | 11 | 36.3 | |
| 41. | 49 | 9 | 33.3 | |
| 42. | | | | |
| | 46 | 9.7 | 34.7 | GEMIDDELD. |
| | 29.1 | 8.3 | 25.7 | STANDAARD. |

GRAFIEK 5.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IIIB BEHAAL MET DIE VYFDE TOETS.



ginhaal anders.

Waak teen die u soos oi, w, ee, onder-ronding en gesluit.

Genoemde leerlinge (kyk p. 218) het individuele aandag nodig.

Les 44 (6.3.1954): Die leerlinge skrywe hulle eie keuse.

Les 45 (17.3.1954): Die v en V word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 22, p. 175.)

Die v se ophaal begin op die gidslyn, maak 'n bodraai, gaan afwaarts, maak 'n onderdraai, gaan opwaarts en eindig met 'n holbogie.

Die hoofletter is dubbel die kleinletter. Waak teen die v soos n, r, rondings en gesluit.

Die genoemde leerlinge (kyk p. 218) kry individuele aandag.

Les 46 (18.3.1954): Die w en W word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 23, p. 175.) Die letter w is 'n herhaling van die u en eindig met 'n holbogie.

Die hoofletter is dubbel die grootte van die kleinletter.

Waak teen die w soos u, m, punte, rondings, holbogie en gesluit.

Genoemde leerlinge (kyk p. 218) kry individuele aandag.

Les 47 (19.3.1954): Die x en X word beoefen en letterkaart nommer 24, (kyk p. 175) word gebruik.

Les 48 (22.3.1954): Die y en Y word beoefen. Die y word opgebou uit die elemente van die v en j. (Kyk letterkaart nommer 25, p. 176.)

Die/ ........

Die hoofletter is drie eenhede groot en gelykvormig met die kleinletter. Genoemde leerlinge kry individuele aandag.

Les 49 (23.3.1954): Die z en Z word beoefen. (Kyk letterkaart nommer 26, p. 176.) Die eerste element van die z is die van die n, maak dan 'n bodraai, halfpad grootte, en voltooi die onderlis.

Die hoofletter is gelykvormig aan die kleinletter.

Les 50 (24.3.1954): Sesde Toets: Die toets is deur 40 leerlinge afgelê.

Resultate van proefklas (kyk pp. 224 en 225).

| | Vyfde Toets. | Sesde Toets. |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit | 9.7. | 9.7. |
| Gemiddelde spoed | 46.0. | 46.3. |
| Gemiddelde skrifprestasie | 34.9. | 34.9. |

'n Vergelyking van die vyfde en sesde toetse toon die volgende:

(i) Die kwaliteit het dieselfde gebly.

(ii) Die spoed het met .3 letter per minuut verbeter.

(iii) Die skrifprestasie het dieselfde gebly.

Die sesde toets se resultate toon geen toename op die resultate van die vyfde toets nie. Die prestasies het konstant gebly.

Samevatting van grafiek 6:

$\frac{3}{0}$ $\frac{37}{0}$ Die gegewens van die sesde toets is op grafiek 6 (kyk p. 225) saamgevat.

Die getalle in die vier afdelings het met een uitsondering onveranderd gebly. Die leerling, nommer 20 wat in afdeling II geval het, val nou in afdeling I en een leerling het vertrek, naamlik nommer 22.

Daar/ ........

Daar is drie leerlinge van wie die kwaliteit naby die standaard val: nommers 41, 20 en 23.

Daar is drie leerlinge van wie die spoed nog onder standaard val: nommers 3, 27 en 37.

(ii) Vergelyking van die Toetse se Resultate.

Die uitvoering van die verhelpingsprogram by die proefklas standerd IIIA is aan die einde van die eerste kwartaal gestaak. Die toetsresultate van die eerste tot die sesde toetse wat gedurende die periode gedoen is word in die volgende tabel gegee (Die prestasies van die proefklas word onderstreep ):

TABEL VII.

Prestasies wat die leerlinge van standerds 111A, B en C met die eerste tot die sesde toets behaal het:

| Toetse | Standerd | Leerlinge | Kwaliteit- | Spoed- | Skrifprestasie |
|---|---|---|---|---|---|
| 1ste (13.1.54) | 111A | 36 | 8 | 33.2 | 25.6 |
| | 111B | 36 | 8 | 27.0 | 24.0 |
| | 111C | 18 | 9 | 25.0 | 26.1 |
| Gemiddelde | 111A,B&C | - | 8.3 | 29.1 | 25.7 |
| 2dé (29.1.54) | 111A | 37 | 9 | 39.6 | 30.6 |
| | B | - | - | - | - |
| | C | - | - | - | - |
| 3dé (12.2.54) | 111A | 35 | 9 | 40.5 | 30.6 |
| | B | - | - | - | - |
| | C | - | - | - | - |
| 4dé (25.2.54) | 111A | 40 | 9.8 | 40.7 | 33.3 |
| | B | - | - | - | - |
| | C | - | - | - | - |
| 5dé (12.3.54) | 111A | 41 | 9.7 | 46.0 | 34.9 |
| | B | - | - | - | - |
| | C | - | - | - | - |
| 6dé (24.3.54) | 111A | 40 | 9.7 | 46.3 | 34.9 |
| | B | 40 | 9.2 | 34.9 | 30.4 |
| | C | 14 | 9.8 | 40.0 | 33.3 |
| Gemiddelde | 111A,B&C | - | 9.5 | 40.5 | 32.3 |

Die/ .........

**PRESTASIESTAAT.** 6

ST.IIIA DATUM 24:3:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 42 | 10 | 35 | |
| 2. | 57 | 12 | 46 | |
| 3. | 24 | 10 | 29 | Spoed |
| 4. | 58 | 10.5 | 41 | |
| 5. | 76 | 9 | 38 | |
| 6. | 47 | 12 | 43 | |
| 7. | 54 | 11 | 42 | |
| 8. | 41 | 11.5 | 39 | |
| 9. | 30 | 9 | 28 | |
| 10. | 47 | 9 | 32 | |
| 11. | 43 | 11 | 39 | |
| 12. | 43 | 9 | 32 | |
| 13. | 48 | 12 | 43 | |
| 14. | 39 | 10.5 | 36 | |
| 15. | 39 | 9.5 | 32 | |
| 16. | 47 | 9 | 32 | |
| 17. | 47 | 11 | 40 | |
| 18. | 43 | 9 | 32 | |
| 19. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 20. | 43 | 8.5 | 30 | |
| 21. | 56 | 10 | 38 | |
| 22. | a | a | a | |
| 23. | 63 | 8.5 | 34 | |
| 24. | 54 | 10 | 38 | |
| 25. | 50 | 11.5 | 43 | |
| 26. | 53 | 9.5 | 36 | |
| 27. | 28 | 9.5 | 29 | " |
| 28. | 43 | 9.5 | 33 | |
| 29. | 50 | 9 | 33 | |
| 30. | 41 | 11 | 37 | |
| 31. | 51 | 9.5 | 35 | |
| 32. | 62 | 9.5 | 34 | |
| 33. | 53 | 9 | 34 | |
| 34. | 43 | 9 | 32 | |
| 35. | 47. | 10 | 36 | |
| 36. | 49 | 11 | 41 | |
| 37. | 26 | 12 | 36 | " |
| 38. | 50 | 10.5 | 39 | |
| 39. | 31 | 9.5 | 30 | |
| 40. | 40 | 12 | 41 | |
| 41. | 42 | 8.5 | 30 | |
| 42. | | | | |
| | 46.3 | 9.7 | 34.9 | GEMIDDELD |
| | 29.1 | 8.3 | 25.7 | STANDAARD |

GRAFIEK 6.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IIIA BEHAAL MET DIE SESDE TOETS.



Die toetsresultate van die sewende tot die tiende toets wat na die staking van die verhelpingsprogram gedoen is, word in die volgende tabel gegee. Die prestasies van die proefklas word onderstreep:

TABEL VIII.

Prestasies wat die leerlinge van standerds 111A, B en C met die sewende tot die tiende toetse behaal het:

| Toetse. | Standerd. | Leerlinge. | Kwaliteit-. | Spoed-. | Skrifprestasie |
|---|---|---|---|---|---|
| 7de | 111A | 39 | 9.5 | 44.0 | 33.3 |
| (26.6.54) | B | 37 | 9.4 | 47.0 | 33.8 |
| | C | 16 | 10.1 | 37.0 | 33.3 |
| 8ste | 111A | 35 | 9.7 | 36.0 | 32.0 |
| (28.7.54) | B | 39 | 9.5 | 35.5 | 31.4 |
| | C | 13 | 9.8 | 36.0 | 32.3 |
| 9de | 111A | 41 | 9.8 | 43.3 | 34.3 |
| (22.9.54) | B | 40 | 10.1 | 38.5 | 34.0 |
| | C | 11 | 9.8 | 42.3 | 34.3 |
| 10de | 111A | 40 | 9.5 | 46.1 | 34.2 |
| (26.11.54) | B | 38 | 9.9 | 39.7 | 33.7 |
| | C | 13 | 9.5 | 47.0 | 34.2 |
| Gemiddelde | 111A,B&C | — | 9.6 | 43.5 | 33.6 |

In standerd 111A was 36 leerlinge, in B was 36 leerlinge en in C was 18 leerlinge met die aanvang van die proefneming. Die onderwysers van klasse A en B het geen ervaring van standerd 111 se werk gehad nie. Die onderwyser van 111C was 'n persoon met tien jaar ondervinding van standerd 111 se werk. Die standerd 111C het die beste met die aanvang van die proefneming presteer. Aan die einde van die eerste kwartaal het die proefklas die beste

presteer/ ......

presteer.

Die toename in gemiddelde kwaliteit van A was 1.7, kwaliteit, van B was 1.2 kwaliteit en van C was .8 kwaliteit. Die toename in gemiddelde spoed van A was 13.1 letters per minuut, van B was 7.9 letters per minuut en van C was 15 letters per minuut. Die toename in gemiddelde skrifprestasie van A was 9.3, van B was 6.4 en van C was 7.2. Die proefklas A het aan die einde van die eerste kwartaal 'n skrifprestasie van 34.9 behaal; dit is 'n verbetering van 9.3.

Drie maande nadat die verhelpingsprogram gestaak is, het die proefnemer weer 'n toets aan al die standerd 111-leerlinge gegee. Met die 7de toets het die B-klas 'n geringe voorsprong van .5 skrifprestasie gehad.

Die agste toets is na die Julie-vakansie gegee aan al die standerd 111-leerlinge en die C-klas het 'n geringe voorsprong van .3 skrifprestasie gehad. Daar was egter 'n terugval by al drie klasse. Die verskynsel van onbruik kan te wagte wees na 'n Julie-vakansie.

Aan die einde van die derde kwartaal is die negende toets gegee. Die proefklas het gelykwaardig met die beste van die drie klasse presteer.

Die tiende toets is aan die einde van die jaar afgelê en weer was die proefklas se prestasies gelykwaardig met die van die beste standerd 111-klas van kontrole-klasse.

Die skrifprestasie wat die proefklas aan die einde van die eerste kwartaal met die sesde toets behaal het, kon nie een van die kontroleklasse ewenaar nie. Selfs die proefklas kon dit nie na die staking van die verhelpingsprogram weer behaal nie. Dit wil dus voorkom of die proefklas se verbetering in skrifprestasie bo die van die

kontrole-/.....

kontroleklasse aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het te danke is.

Die ontwikkeling van die standerd 111-klasse se skrifprestasies word op grafiek 7 (kyk p. 229) aangedui.

Die effek van die verhelpingsprogram wat die proefklas A gevolg het, word duidelik deur die grafiek weerspieël. Die verhelpingsprogram is gestaak net voor die sesde toets afgelê is. Die skrifprestasie wat die proefklas met die sesde toets behaal het, is nie geëwenaar nie. Die toename van skrifprestasie van die proefklas standerd 111A is hoër as die toename van die kontroleklasse se skrifprestasies. Die kontroleklasse standerd 111B en C se skrifprestasie het ook gedurende die eerste kwartaal toegeneem, maar die kontroleklasse se toenames en skrifprestasie weeg nie op teen die toename van die proefklas se skrifprestasie gedurende dieselfde periode nie.

Die proefklas se hoogste toename van skrifprestasie het plaasgevind gedurende die tyd wat die proefklas die verhelpingsprogram gevolg het. Die kontroleklasse het nie die verhelpingsprogram gevolg nie maar wel die leergang van die skool. Die feit dat die proefklas die kontroleklasse in skrifprestasie oortref het, is myns insiens te danke aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het.

Daar het 'n insinking in die skrifprestasie van die proefklas na die sesde toets plaasgevind. Die insinking is myns insiens aan die staking van die verhelpingsprogram te wyte. Dit moes langer aangehou het.

Dat al drie klasse 'n insinking by die agste toets toon, is te wyte aan die Julie-vakansie wat tussen die sewende en agste toetse geval het.

By die negende toets was al drie klasse se skrifpres-

tasie/ ........

GRAFIEK 7.

ONTWIKKELING VAN DIE STANDERD III-KLASSE SE SKRIFPRESTASIES.



tasies redelik naby mekaar. Aangesien al drie klasse na die sesde toets dieselfde leergang gevolg het, is gelykmatige prestasies nie uitgesluit nie.

Met die tiende toets was daar weer 'n insinking by al die standerd 111-klasse te bespeur. Alle handskrifonderrig is in die middel van die laaste kwartaal gestaak en die tyd is aan die hersiening van die ander skoolvakke gewy. Daarna is eksamens afgelê. Die tiende toets is aan die einde van die jaar afgelê. Dit wil dus voorkom of die standerd 111-klas se handskrif terugval net sodra die handskrifonderrig gestaak word. Vandaar die insinking van Standerd 111A na die algehele staking van die verhelpingsprogram. Met die tiende toets vergelyk die proefklas wat prestasies betref dieselfde as die beste van die kontroleklasse, te wete standerd 111C. In die standerd 111C was slegs elf leerlinge, terwyl in die proefklas 40 leerlinge was. Die 111C het die skoolleergang gedurende die eerste kwartaal gevolg en die 111A het die verhelpingsprogram gevolg. Die res van die jaar het hulle dieselfde leergang gevolg.

Die skrifprestasie wat die proefklas met 40 leerlinge aan die einde van die verhelpingsprogram bereik het, kon nie een van die ander klasse ewenaar nie. Aan die einde van die jaar het die proefklas met 40 leerlinge met 'n bestendig en ewewigtige prestasies hom gehandhaaf in skrifprestasie teen die kontroleklas 111C met sy elf leerlinge. Die handhawing van die proefklas is waarskynlik te danke aan die blywende waarde van die verhelpingsprogram wat gevolg is.

Dat dit nie beter teenoor die kontroleklasse afteken nie is te wyte aan die feit dat die uitvoering van die re-

mediërende/ ......

mediërende program die ander onderwysers aangespoor het om hulle bes te doen. Die ander onderwysers het ook van die instrumente en metodes van die remediërende program gebruik gemaak. Dus is die handskrifonderrig in die kontroleklasse nie op die gewone wyse toegepas nie, terwyl die onderwyser van die proefklas moes terugval op die gewone metodes van handskrifonderrig.

(iii)Analise van Letters:

Aangesien letterformasie 'n belangrike element van kwaliteit is, moes bepaal word of die proefklas se letterformasie gedurende die proefneming verbeter het.

Die teks wat die proefpersone vir elke toets gebruik het, bevat die volgende letters: sewe-en-tagtig kleinletters en agt hoofletters, asook vier koppeltekens en een weglatingsteken. Die letters bestaan uit: a(7), b(3), d(3), e(20), g(4), h(1), i(9), l(3), m(3), n(9), o(1), p(2), r(9), s(2), t(7), u(2), v(1), w(1), A(1), D(2), I(1), G(1), N(1) en S(1). Hulle voorkoms word tussen hekies aangegee.

Aangesien die proefpersone elke keer dieselfde teks geskrywe het, was dit moontlik om die voorkoms van foutiewe letters in die eerste toets met die voorkoms van foutiewe letters in die sesde toets te vergelyk. Al die letters van die eerste en sesde toetse is getel. Al die foutiewe letters van die eerste en sesde toetse is ook getel. In die volgende tabel (kyk p. 232) word die letters in kolom 1 aangegee. In kolom 2 kom die aantal kere wat 'n letter foutief was. In kolom 3 word die aantal kere aangegee wat 'n letter voorgekom het. In kolom 4 word die foutiewe voorkoms van 'n letter per aantal leerlinge wat die toets afgelê het aangegee. Die kolomme 5, 6 en 7 is 'n herhaling van kolomme 2, 3 en 4 onderskeidelik.

TABEL/........

TABEL IX.

Analise van die proefklas standerd 111A se letter-formasie in die eerste en sesde toetse.

| | Eerste Toets | | | | Sesde Toets | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | | 5 | 6 | 7 | |
| Letters | Verkeerd | Totaal | Voorkoms per 36 | Voorkoms of % | Verkeerd | Totaal | Voorkoms per 40 | Voorkoms of % |
| A | 35 | 36 | 35 | 97 | 28 | 40 | 28 | 70 |
| D | 68 | 72 | 34 | 94 | 53 | 80 | 26 | 65 |
| F | 32 | 36 | 32 | 89 | 26 | 40 | 26 | 65 |
| I | 34 | 36 | 34 | 94 | 26 | 40 | 26 | 65 |
| J | 35 | 36 | 35 | 97 | 37 | 40 | 37 | 92 |
| N | 30 | 36 | 30 | 83 | 21 | 40 | 21 | 52 |
| S | 35 | 36 | 35 | 97 | 37 | 40 | 37 | 92 |
| a | 228 | 252 | 31 | 86 | 183 | 280 | 26 | 65 |
| b | 102 | 108 | 34 | 94 | 104 | 120 | 34 | 85 |
| d | 103 | 108 | 34 | 94 | 95 | 120 | 31 | 77 |
| e | 633 | 720 | 32 | 89 | 462 | 820 | 23 | 57 |
| g | 133 | 144 | 33 | 91 | 129 | 160 | 32 | 80 |
| h | 31 | 36 | 31 | 86 | 32 | 40 | 32 | 80 |
| i | 278 | 324 | 31 | 86 | 201 | 360 | 22 | 55 |
| l | 97 | 108 | 32 | 89 | 78 | 120 | 26 | 65 |
| m | 100 | 108 | 33 | 91 | 78 | 120 | 26 | 65 |
| n | 291 | 324 | 32 | 89 | 237 | 360 | 26 | 65 |
| o | 32 | 36 | 32 | 89 | 25 | 40 | 25 | 82 |
| p | 69 | 72 | 34 | 94 | 68 | 80 | 34 | 85 |
| r | 292 | 324 | 33 | 91 | 236 | 360 | 26 | 65 |
| s | 65 | 72 | 32 | 89 | 62 | 80 | 31 | 77 |
| t | 222 | 252 | 31 | 86 | 225 | 280 | 32 | 80 |
| u | 62 | 72 | 31 | 86 | 43 | 80 | 21 | 52 |
| v | 34 | 36 | 34 | 94 | 30 | 40 | 30 | 75 |
| w | 32 | 36 | 32 | 89 | 29 | 40 | 29 | 72 |
| | 3390 | 3730 | | 90.7 | 3645 | 3820 | | 69 |

Al die letters se foutiewe voorkoms het in minder of meerdere mate verminder. Met die eerste toets was daar 90.7% foutiewe letters en met die sesde toets was daar 69% foutiewe letters.

Blykbaar kan die verbetering in letterformasie toegeskrywe word aan die verhelpingsprogram wat die proef-

klas/ ......

klas gevolg het. Die feit dat daar nog 69% van die letters verkeerd is, is genoegsaam bewys dat die taak van handskrifonderrig nog nie by die proefklas standerd 111A volvoer is nie. Dit sal seer seker voordelig wees om sekere letters doeltreffender in te oefen. Uit die besondere proefneming blyk dit dat die letters wat 'n hoë voorkoms het, te wete a, e, g, i, n, r en t, goed ingeoefen behoort te word by die proefklas.

Volgens die persentasie van voorkoms het die volgende letters nog 'n foutiewe voorkoms van 80% en meer, te wete J, S, b, g, h, o, p en t.

(iv) Letterformasietoets: (kyk p. 302.)

Die proefnemer het 'n letterformasietoets opgestel en deur die proefklas (standerd 111A) laat aflê net nadat hulle die derde toets afgelê het. Die proefklas het dieselfde letterformasietoets weer net na die vyfde toets afgelê.

Die resultate van die toetse en die letterformasietoets word in die volgende tabel aangegee:

<u>TABEL X.</u>

Resultaat van letterformasietoets van standerd 111A.

| Standerd. | Toets. | Kwaliteit | Spoed | Skrif-prestasie. | Letter-formasie. |
|---|---|---|---|---|---|
| 111A | derde | 9 | 40.5 | 30.6 | 37.3 |
| | vyfde | 9.7 | 46.0 | 34.9 | 39.8 |

Die proefklas se gemiddelde kwaliteit, spoed, skrifprestasie en letterformasie het algar verbeter. Die ge-

middelde/ ........

middelde letterformasie het met 2.5 verbeter. Die verbetering in letterformasie kan waarskynlik toegeskrywe word aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het.

(v) Getalleveranderings van Afdelings:

Die resultate van die toetse van een tot ses is op die grafieke een tot ses saamgevat. Die onderstaande tabel gee die getalleveranderings wat daar plaasgevind het onder die getalle van die vier afdelings I, II, III en IV van die grafieke een tot ses.

TABEL XI.

Afdelingsgetalle;

| Toetse | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Grafieke | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| Afdelings | I | 10 | 21 | 31 | 34 | 37 | 37 |
| | II | 13 | 7 | 0 | 0 | 1 | 0 |
| | III | 8 | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | IV | 5 | 6 | 4 | 6 | 3 | 3 |
| Totaal | | 36 | 37 | 35 | 40 | 41 | 40 |

Daar het 'n geleidelike verandering in die getalle van die afdelings plaasgevind gedurende die tyd wat die proefklas die verhelpingsprogram gevolg het. Met die eerste toets was daar van die ses-en-dertig leerlinge tien in afdeling I, dertien in afdeling II, agt in afdeling III en vyf in afdeling IV. Na die sesde toets was daar van die veertig leerlinge sewe-en-dertig in afdeling I en drie in afdeling IV; met ander woorde sewe-en-dertig van die veertig leerlinge het bo die standaard met kwaliteit en spoed gepresteer en drie leerlinge het bo die standaard vir kwaliteit maar benede die standaard vir spoed gepresteer.

Die/......

Die getalleveranderings van die afdelings is waarskynlik te danke aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het.

(vi) Gevolgtrekkings:

Dit blyk dus op grond van die bostaande dat die leesbaarheid en spoed van die proefklas standerd 111A se handskrif verbeter het as gevolg van die verhelpingsprogram wat die klas gevolg het.

(1) Die kwaliteit- spoed- en skrifprestasies van die proefklas standerd 111A het beslis verbeter.

(2) Die proefklas het 'n skrifprestasie aan die einde van die verhelpingsprogram gelewer wat die kontroleklasse nie kon ewenaar nie.

(3) Die analise van letters openbaar 'n vermindering van foutiewe letters.

(4) Die letterformasietoets openbaar 'n verbetering in die letterformasie van die proefklas.

(5) Die getalleveranderings van die afdelings openbaar 'n verbetering in kwaliteit- en spoedprestasies van die proefklas.

(6) Die volgende letters verdien besondere inskerping: a,b,e,g,h,i,J,n,p,r,S en t.

(7) Die proefklas het goed gereageer op die verhelpingsprogram wat gevolg is.

---

(9) Verhelpingsprogram soos Opgestel vir die Proefklas Standerd 1VB.

(i) Lesse:

Les 1 (13.1.1954.): Die eerste skriftoets word gegee. (Kyk p. 161.) Die toets is deur 40 leerlinge afgelê. Resultate (kyk pp. 238 en 239 ):

Proefklas/ .....

| | Proefklas. | Standaard. |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit: | 9. | 8.9. |
| Gemiddelde spoed: | 39.5. | 37.8. |
| Gemiddelde skrifprestasie: | 30.6. | 30.3. |

Volgens die resultate van die eerste toets is die gemiddelde kwaliteit van die proefklas .1 kwaliteit bo die standaard. Die gemiddelde spoed is 1.7 letters per minuut bo die standaard en die gemiddelde skrifprestasie is .3 bo die standaard. Die proefklas se prestasies is dus hoër as die gemiddelde prestasies van al die klasse in standerd vier.

Samevatting van grafiek 8.

| | |
|---|---|
| 10 | 16 |
| 7 | 7 |

Die kwaliteit- en spoedprestasies van die proefklas met die eerste toets is op grafiek 8 saamgevat. (Kyk p. 239.)

Volgens grafiek 8 val 16 leerlinge in afdeling I, 7 leerlinge in afdeling II, 7 leerlinge in afdeling III en 10 leerlinge in afdeling IV. Van die 40 leerlinge van die proefklas het 16 bo die standaard met betrekking tot spoed en kwaliteit presteer. Sewe se spoed en kwaliteit is benede die standaard en tien se spoed is benede die standaard.

Die feit dat 14 leerlinge se kwaliteit ten opsigte van die standaard moet verbeter en dat 17 leerlinge ten opsigte van die standaard hulle spoed moet verbeter, beklemtoon die behoefte aan 'n verhelpingsprogram.

Die volgende 14 leerlinge het individuele aandag nodig om hulle kwaliteit te verbeter: nommers 36, 39, 27, 28, 16, 14, 7, 6, 12, 25, 9, 29, 38 en 23.

Die volgende 17 leerlinge se spoed moet verbeter word: nommers 19, 10, 37, 22, 30, 20, 21, 32, 26, 33, 39, 36, 27, 38, 16 en 14.

Die genoemde leerlinge kry gedurende skrifperiodes

individuele/ ......

individuele aandag van die onderwyser om hulle prestasies te verbeter. Kwaliteit geniet voorrang bo spoed.

Vir die letterformasie van bepaalde letters van die abc wat vir standerd 1VB deurgevoer word, word verwys na die beskrywing van die besondere letters soos vir standerd 111A gedoen in die standerd 111A se verhelpingsprogram (kyk p. 195) en na die letterkaarte (kyk p. 169).

<u>Les 2.</u> (14.1.1954.): Algemene bespreking van die voordele van 'n netjies, leesbare handskrif en hoe die klas dit kan verwesenlik ( kyk les 2, p. 196.)

<u>Les 3.</u> (15.1.1954.): Die waarde van die grafiek word aan die klas verduidelik.

<u>Les 4.</u> (18.1.1954.): Die a en A word beoefen.

<u>Les 5.</u> (19.1.1954.): Die b en B word beoefen.

<u>Les 6.</u> (20.1.1954.): Die c en C word beoefen.

<u>Les 7.</u> (21.1.1954.): Die kriteria van parallelisme, spasiëring, kwaliteit van lyn en aliniëring word verduidelik.

<u>Les 8.</u> (22.1.1954.): Die a en b word herhaal. Die a verdien die besondere aandag van die onderwyser. In herhaling van die b word daar besonder aandag aan die afhaal van die b gegee. Al die afhale moet parallel wees.

<u>Les 9.</u> (25.1.1954.): Die teks word as oefenmateriaal gebruik om die kriteria te beoefen.

<u>Les 10.</u> (26.1.1954.): Die teks word geskrywe.

<u>Les 11.</u> (27.1.1954.): Die d en D word beoefen.

<u>Les 12.</u> (28.1.1954.): Die teks word as oefenmateriaal gebruik om die kriteria te bestendig.

<u>Les 13.</u> (29.1.1954.) <u>Tweede Toets:</u> Die toets is deur 39 leerlinge afgelê.

Resultate van toets (kyk pp. 241 en 242):

<u>Eerste toets.</u>

PRESTASIESTAAT. 7.

ST.IVB DATUM 13:1:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 43 | 9.5 | 33 | | |
| 2. | 45 | 10.0 | 36 | | |
| 3. | 50 | 9.5 | 35 | | |
| 4. | 50 | 11.0 | 41 | | |
| 5. | 40 | 9.0 | 31 | | |
| 6. | 43 | 8.0 | 28 | Kwaliteit | |
| 7. | 41 | 8.0 | 27 | " | |
| 8. | 50 | 10.0 | 37 | | |
| 9. | 50 | 8.0 | 30 | " | |
| 10. | 26 | 9.0 | 27 | | Spoed |
| 11. | 40 | 9.0 | 31 | | |
| 12. | 43 | 8.5 | 30 | " | |
| 13. | 50 | 9.5 | 35 | | |
| 14. | 36 | 8.0 | 26 | " | " |
| 15. | 50 | 11.0 | 41 | | |
| 16. | 36 | 8.0 | 26 | " | " |
| 17. | 45 | 9.5 | 34 | | |
| 18. | 43 | 9.0 | 32 | | |
| 19. | 17 | 9.0 | 23 | | " |
| 20. | 35 | 9.0 | 29 | | " |
| 21. | 36 | 9.0 | 29 | | " |
| 22. | 26 | 9.0 | 27 | | " |
| 23. | 64 | 8.5 | 34 | " | |
| 24. | 43 | 9.5 | 33 | | |
| 25. | 45 | 8.5 | 31 | " | |
| 26. | 30 | 10.0 | 31 | | " |
| 27. | 30 | 8.0 | 25 | " | " |
| 28. | 30 | 8.5 | 26 | " | " |
| 29. | 59 | 8.5 | 33 | " | " |
| 30. | 30 | 9.0 | 28 | | " |
| 31. | 50 | 9.0 | 33 | | |
| 32. | 27 | 10.0 | 30 | | " |
| 33. | 36 | 11.0 | 36 | | " |
| 34. | 45 | 9.0 | 32 | | |
| 35. | 39 | 9.0 | 31 | | |
| 36. | 27 | 8.5 | 26 | " | " |
| 37. | 25 | 9.0 | 26 | | " |
| 38. | 33 | 8.0 | 26 | " | " |
| 39. | 25 | 8.0 | 23 | " | " |
| 40. | 48 | 9.0 | 32 | | |
| 41. | | | | | |
| 42. | | | | | |
| | 39.5 | 9.0 | 30.6 | GEMIDDELD | |
| | 37.8 | 8.9 | 30.3 | STANDAARD | |

**GRAFIEK 8.**

**KWALITEIT- SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IVB BEHAAL MET DIE EERSTE TOETS.**



| | Eerste toets. | Tweede toets. |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit: | 9.0 | 9.2. |
| Gemiddelde spoed: | 39.5 | 49.5. |
| Gemiddelde skrifprestasie: | 30.6 | 34.0. |

'n Vergelyking van die tweede toets se resultate met die eerste toets se resultate toon die volgende:

(i) Die kwaliteit het .2 kwaliteit toegeneem.

(ii) Die spoed het met 10 letters per minuut toegeneem.

(iii) Die skrifprestasie het met 3.4 verbeter.

Die tweede toets se resultate toon 'n algemene vordering teenoor die eerste toets se resultate.

Samevatting van grafiek 9:

| | |
|---|---|
| 7 | 25 |
| 1 | 6 |

Die gegewens van die tweede toets is op grafiek 9 saamgevat. (Kyk p. 242.)

Die getalle in die vier afdelings het 'n verandering ondergaan:

(i) Afdeling I het met 9 vermeerder.

(ii) Afdeling II het met 1 verminder.

(iii) Afdeling III het met 6 verminder.

(iv) Afdeling IV het met 3 verminder.

Die verandering van die afdelingsgetalle toon dat daar 'n verandering in die leerlinge se kwaliteit- en spoedprestasies ten goede plaasgevind het.

Die volgende 7 leerlinge moet hulle kwaliteit verbeter; nommers 39, 34, 25, 14, 7, 11 en 29. Daar moet gedurende skrifperiodes individuele aandag aan die leerlinge se handskrif gegee word.

Die volgende agt leerlinge se spoed moet verbeter: nommers 39, 28, 19, 22, 27, 20, 30 en 32. Die leerlinge se spoed het individuele aandag nodig.

**PRESTASIESTAAT. 8**

ST.IVB DATUM 29:1:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 50 | 10.5 | 38.9 | |
| 2. | 46 | 10 | 36 | |
| 3. | a | a | a | |
| 4. | 63 | 9 | 36 | |
| 5. | 56 | 11 | 41.8 | |
| 6. | 55 | 9 | 34.2 | |
| 7. | 56 | 8 | 30.4 | Kwaliteit |
| 8. | 53 | 10 | 38 | |
| 9. | 56 | 9 | 34.2 | |
| 10. | 42 | 9 | 31.5 | |
| 11. | 60 | 8.5 | 34 | " |
| 12. | 61 | 9.5 | 36.9 | |
| 13. | 62 | 9 | 36 | |
| 14 | 54 | 8.5 | 32.3 | " |
| 15. | 62 | 10 | 40 | |
| 16. | 43 | 9 | 31.5 | |
| 17. | 44 | 10 | 35 | |
| 18. | 58 | 9 | 35.1 | |
| 19. | 36 | 9 | 29.7 | Spoed |
| 20. | 36 | 10 | 33 | " |
| 21. | 44 | 9.5 | 33.1 | |
| 22. | 36 | 9 | 29.7 | " |
| 23. | 62 | 10 | 40 | |
| 24. | 56 | 10 | 38 | |
| 25. | 50 | 8.5 | 31.5 | " |
| 26. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 27. | 36 | 9 | 29.7 | " |
| 28. | 32 | 9 | 28.8 | " |
| 29. | 70 | 8.5 | 34.9 | " |
| 30. | 37. | 9 | 29.7 | " |
| 31. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 32. | 36 | 12 | 39.6 | " |
| 33. | 57 | 9.5 | 35.9 | |
| 34. | 50 | 8.5 | 31.5 | " |
| 35. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 36. | 43 | 9 | 31.5 | |
| 37. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 38. | 41 | 9.5 | 32.1 | |
| 39. | 36 | 8.5 | 28.1 | " " |
| 40. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 41. | | | | |
| 42. | | | | |
| | 49.5 | 9.2 | 34.0 | GEMIDDELD |
| | 37.8 | 8.9 | 30.3 | STANDAARD |

## GRAFIEK 9.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD LVB BEHAAL MET DIE TWEEDE TOETS.



<u>Les 14.</u> (1.2.1954.): Die d word beoefen.

<u>Les 15.</u> (2.2.1954.): Die e en E word beoefen.

<u>Les 16.</u> (3.2.1954.): Die letterkaart van die e word gebruik.

<u>Les 17.</u> (5.2.1954.): Die teks word afgeskrywe.

<u>Les 18.</u> (8.2.1954.): Die a en e word herhaal.

<u>Les 19.</u> (9.2.1954.): Die r en t word beoefen.

<u>Les 20.</u> (10.2.1954.): Die g en G word beoefen.

<u>Les 21.</u> (11.2.1954.): Die teks word afgeskrywe; die g, r en t word beklemtoon.

<u>Les 22.</u> (12.2.1954.): <u>Derde Toets.</u> Die toets is deur 39 leerlinge afgelê.

Resultate van die proefklas: (kyk pp. 245 en 246.)

| | <u>Tweede toets</u>. | <u>Derde toets.</u> |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit: | 9.2. | 9.3. |
| Gemiddelde spoed: | 49.5. | 49.1. |
| Gemiddelde skrifprestasie: | 34.0. | 34.4. |

'n Vergelyking van die derde toets se resultate met die van die tweede toets toon die volgende:

(i) Die kwaliteit het met .1 kwaliteit toegeneem.

(ii) Die spoed het met .4 letters per minuut afgeneem.

(iii) Die skrifprestasie het met .4 toegeneem.

Die derde toets se resultate openbaar nog 'n geringe toename in kwaliteit- en skrifprestasies op die van die tweede toets.

Samevatting van grafiek 10.

$\frac{4}{0}\Big|\frac{34}{1}$ Die gegewens van die derde toets is op grafiek 10 saamgevat. (Kyk p. 246.)

Die getalle in die vier afdelings het 'n redelike verandering ondergaan:

Afdeling/ .......

Afdeling I het met 9 toegeneem.

Afdeling II het met 5 afgeneem.

Afdeling III het met 1 afgeneem.

Afdeling IV het met 3 afgeneem.

Die verandering van getalle openbaar dat daar nog steeds 'n toename in die kwaliteit van die leerlinge is.

Volgens die grafiek is daar vier leerlinge van wie die spoed moet verbeter: nommers 2, 19, 39 en 36.

Slegs een van die leerlinge se kwaliteit is benede die standaard, naamlik nommer 25. Op die grafiek is daar 19 leerlinge van wie die kwaliteit net bokant die standaard val: nommers 19, 36, 37, 38, 16, 11, 6, 1, 14, 27, 2, 13, 30, 3, 22, 23, 35,12 en 15.

Die genoemde 20 leerlinge het nog algar gedurende die volgende skrifperiodes die individuele aandag van die onderwyser nodig.

<u>Les 23.</u> (15.2.1954.): Die teks word geskrywe.

<u>Les 24.</u> (16.2.1954.): Die f en F word beoefen.

<u>Les 25.</u> (17.2.1954.): Die g en G word beoefen.

<u>Les 26.</u> (18.2.1954.): Die h en H word beoefen.

<u>Les 27.</u> (19.2.1954.): Die i, f en g word beoefen.

<u>Les 28.</u> (22.2.1954.): Die j, i en I word beoefen.

<u>Les 29.</u> (23.2.1954.): Die teks word geskrywe.

<u>Les 30.</u> (24.2.1954.): Die k en g word beoefen.

<u>Les 31.</u> (25.2.1954.): <u>Die Vierde Toets.</u> Die toets is deur 39 leerlinge afgelê.

Resultate van die proefklas (kyk pp. 248 en 249.)

| | <u>Derde Toets.</u> | <u>Vierde Toets.</u> |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit: | 9.3. | 9.7. |
| Gemiddelde spoed: | 49.1. | 51.7. |
| Gemiddelde skrifprestasies: | 34.4. | 35.9. |

**PRESTASIESTAAT. 9.**

ST.IVB DATUM 12:2;1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 2. | 36 | 11 | 36.3 | Spoed |
| 3. | 53 | 9 | 34.2 | |
| 4. | 43 | 10 | 35 | |
| 5. | 53 | 10 | 38 | |
| 6. | 47 | 9 | 33.4 | |
| 7. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 8. | 43 | 10 | 35 | |
| 9. | 52 | 9.5 | 35 | |
| 10. | 50 | 10 | 37 | |
| 11. | 43 | 9 | 31.5 | |
| 12. | 63 | 9 | 36 | |
| 13. | 53 | 9 | 34.2 | |
| 14. | 51 | 9 | 33.3 | |
| 15. | 68 | 9.5 | 39 | |
| 16. | 42 | 9 | 31.5 | |
| 17. | 40 | 11.5 | 39.1 | |
| 18. | 53 | 9.5 | 35.9 | |
| 19. | 29 | 9 | 27.9 | " |
| 20. | 53 | 9.5 | 35.9 | |
| 21. | a | a | a | |
| 22. | 57 | 9 | 34.2 | |
| 23. | 62 | 9 | 36 | |
| 24. | 56 | 11 | 41.8 | |
| 25. | 68 | 8.5 | 34.9 | Kwaliteit |
| 26. | 50 | 10 | 37 | |
| 27. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 28. | 45 | 9.5 | 34 | |
| 29. | 57 | 10.5 | 39.9 | |
| 30. | 53 | 9 | 34.2 | |
| 31. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 32. | 40 | 11.5 | 39.1 | |
| 33. | 55 | 9.5 | 35.9 | |
| 34. | 53 | 9 | 34.2 | |
| 35. | 53 | 9 | 34.2 | |
| 36. | 36 | 9 | 29.7 | " |
| 37. | 40 | 9 | 30.6 | |
| 38. | 40 | 9 | 30.6 | |
| 39. | 29 | 9 | 27.9 | " |
| 40. | a | a | a | |
| 41. | 48 | 9.5 | 34.0 | |
| 42. | | | | |
| | 49.1 | 9.3 | 34.4 | GEMIDDELD |
| | 37.8 | 8.9 | 30.3 | STANDAARD |

GRAFIEK 10.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IVB BEHAAL MET DIE DERDE TOETS.



'n Vergelyking van die vierde toets se resultate met die van die derde toets toon die volgende:

(i) Die kwaliteit het met .4 kwaliteit toegeneem.

(ii) Die spoed het met 2.6 kwaliteit toegeneem.

(iii) Die skrifprestasie het met 1.5 kwaliteit toegeneem.

Die vierde toets se resultate toon 'n redelike toename op die derde toets.

Samevatting van grafiek 11:

3 | 34
0 | 2 Die gegewens van die vierde toets is op grafiek 11 saamgevat. (Kyk p. 249.)

Al verandering wat daar in die afdelingsgetalle plaasgevind het, is dat een leerling van afdeling I weens 'n afname in kwaliteit verskuif het na afdeling II. Die leerling het sy spoed ten koste van die kwaliteit laat ontwikkel (kyk grafiek 10, p. 246.)

Daar is dus nog twee leerlinge, naamlik nommers 14 en 21 wie se kwaliteit moet verbeter en daar is drie leerlinge naamlik nommers 19, 28 en 30 wie se spoed moet verbeter. Dit is opmerklik dat die 19 leerlinge wat met die derde toets net bokant die standaard in kwaliteit presteer het met die vierde toets tot 10 leerlinge afgeneem het.

Die volgende 12 leerlinge se kwaliteit moet nog verbeter: nommers 14, 21, 19, 28, 18, 13, 1, 16, 22, 23, 30 en 25.

Die genoemde 12 leerlinge het nog algar gedurende die volgende skrifperiodes die individuele aandag van die onderwyser nodig.

<u>Les 32.</u> (26.2.1954.): Die l, w en W word beoefen.

<u>Les 33.</u> (1.3.1954.): Die m, i, en I word beoefen.

<u>Les 34.</u> (2.3.1954.): Die n, j en J word beoefen.

<u>Les 35.</u> (3.3.1954.): Die teks word geskrywe.

**PRESTASIESTAAT.** 10

ST.IVB | DATUM 25:2:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 57 | 9 | 34.2 | |
| 2. | 43 | 11 | 38.5 | |
| 3. | 55 | 10 | 38 | |
| 4. | 53 | 10 | 38 | |
| 5. | 60 | 10.5 | 41 | |
| 6. | 53 | 9.5 | 35.9 | |
| 7. | 58 | 9.5 | 36.9 | |
| 8. | 50 | 10.5 | 38.9 | |
| 9. | 48 | 9.5 | 34 | |
| 10. | 53 | 10 | 38 | |
| 11. | 61 | 10 | 39 | |
| 12. | 61 | 10 | 39 | |
| 13. | 55 | 9 | 34.2 | |
| 14. | 65 | 8.5 | 34 | Kwaliteit |
| 15. | 71 | 10 | 42 | |
| 16. | 60 | 9 | 35.1 | |
| 17. | 74 | 9.5 | 39.9 | |
| 18. | 43 | 9.5 | 33.1 | |
| 19. | 36 | 9 | 29.7 | Spoed |
| 20. | 46 | 10 | 36 | |
| 21. | 58 | 8.5 | 33.2 | " |
| 22. | 60 | 9 | 35.1 | |
| 23. | 60 | 9 | 35.1 | |
| 24. | 50 | 11 | 40.7 | |
| 25. | 68 | 9 | 36.9 | |
| 26. | 50 | 10 | 37 | |
| 27. | 36 | 10 | 33 | " |
| 28. | 36 | 9 | 29.7 | " |
| 29. | 47 | 11 | 39.6 | |
| 30. | 65 | 9 | 36 | |
| 31. | 50 | 10 | 37 | |
| 32. | 46 | 11.5 | 41.4 | |
| 33. | 56 | 9.5 | 35.9 | |
| 34. | 60 | 9.5 | 36.9 | |
| 35. | 70 | 9.5 | 39 | |
| 36. | 46 | 10 | 36 | |
| 37. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 38. | 43 | 9.5 | 33.1 | |
| 39. | a | a | a | |
| 40. | a | a | a | |
| 41. | 55 | 9.5 | 35.9 | |
| 42. | | | | |
| | 51.5 | 9.7 | 35.9 | GEMIDDELD. |
| | 37.8 | 8.9 | 30.3 | STANDAARD. |

GRAFIEK 11.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IVB BEHAAL MET DIE VIERDE TOETS.



Les 36. (4.3.1954.): Die teks word geskrywe.

Les 37. (8.3.1954.): Die o en O word beoefen.

Les 38. (9.3.1954.): Die p en P word beoefen.

Les 39. (10.3.1954.): Die r word beoefen.

Les 40. (11.3.1954.): Die Vyfde Toets: Die toets is deur 39 leerlinge afgelê.

Resultate van proefklas (kyk pp. 252 en 253.)

| | Vierde Toets. | Vyfde Toets. |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit: | 9.7. | 9.9. |
| Gemiddelde spoed: | 51.7. | 50.1. |
| Gemiddelde skrifprestasie: | 35.9. | 36.6. |

'n Vergelyking van die vyfde toets se resultate met die van die vierde toets toon die volgende:

(i) Kwaliteit het met .2 kwaliteit toegeneem.

(ii) Spoed het met 1.6 letters per minuut afgeneem.

(iii) Skrifprestasie het met .7 toegeneem.

Die vyfde toets se resultate openbaar nog 'n geringe toename ten opsigte van kwaliteit en skrifprestasie teenoor die van die vierde toets.

Die kwaliteit kon moontlik ten koste van spoed ontwikkel het, alhoewel daar in die skrifprestasie nog 'n toename is.

Samevatting van grafiek 12:

3 | 35
0 | 1
Die gegewens van die vyfde toets is op grafiek 12 saamgevat. (Kyk p. 253.)

Die getalle van die afdelings het min verander. Slegs een leerling het van afdeling II na afdeling I verander.

Daar was nog een leerling, naamlik nommer 30 van wie die kwaliteit en drie leerlinge, naamlik nommers 19, 24 en 36 van wie die spoed benede die standaard was.

Volgens/ .....

Volgens grafiek 12 was daar nege leerlinge: nommers 19, 28, 18, 14, 21, 9, 23, 5 en 25 wie se kwaliteitprestasies net bokant die standaard geval het.

Al die genoemde leerlinge moet gedurende skrifperiodes aandag ontvang.

Les 41. (12.3.1954.): Eie keuse word geskrywe.

Les 42. (15.3.1954.): Die teks word geskrywe.

Les 43. (16.3.1954.): Die s en S word beoefen.

Les 44. (17.3.1954.): Die t en T word beoefen.

Les 45. (18.3.1954.): Die u en U word beoefen.

Les 46. (19.3.1954.): Die v en V word beoefen.

Les 47. (22.3.1954.): Die w en W word beoefen.

Les 48. (23.3.1954.): Die y en Y word beoefen.

Les 49. (24.3.1954.): Die Sesde Toets: Die toets is deur 37 leerlinge afgelê.

Resultate van proefklas (kyk pp. 255 en 256.)

| | Vyfde Toets. | Sesde Toets. |
|---|---|---|
| Gemiddelde kwaliteit: | 9.9. | 10.0. |
| Gemiddelde spoed: | 50.1. | 52.5. |
| Gemiddelde skrifprestasies: | 36.6. | 38.0. |

'n Vergelyking van die sesde toets se resultate met die van die vyfde toets toon die volgende:

(i) Die kwaliteit het met .1 kwaliteit toegeneem.

(ii) Die spoed het met 2.4 letters per minuut toegeneem.

(iii) Die skrifprestasie het met 1.4 toegeneem.

Daar is nog geringe toename in al die gemiddelde prestasies van die proefklas.

Samevatting van grafiek 13:

$\frac{1}{0} \Big| \frac{35}{1}$ Die gegewens van die sesde toets is op grafiek 13 saamgevat. (Kyk p. 256.)

Daar het 'n geringe verandering van getalle in die af-

delings/...

## PRESTASIESTAAT. II.

ST. IVB. DATUM 11:3:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 41 | 10 | 34 | |
| 2. | 53 | 10 | 38 | |
| 3. | 57 | 10 | 38 | |
| 4. | 55 | 10.5 | 39.9 | |
| 5. | 62 | 9 | 36 | |
| 6. | 58 | 10 | 39 | |
| 7. | 40 | 11 | 37.4 | |
| 8. | 62 | 9.5 | 38 | |
| 9. | 58 | 9 | 35.1 | |
| 10. | 44 | 10.5 | 36.8 | |
| 11. | 49 | 9.5 | 35 | |
| 12. | 62 | 10 | 40 | |
| 13. | 50 | 10 | 37 | |
| 14. | 50 | 9 | 33.3 | |
| 15. | 50 | 12 | 44.4 | |
| 16. | 53 | 9.5 | 35.9 | |
| 17. | 50 | 12 | 44.4 | |
| 18. | 44 | 9 | 31.5 | |
| 19. | 36 | 9 | 29.7 | Spoed |
| 20. | 55 | 9.5 | 35.9 | |
| 21. | 57 | 9 | 34.2 | |
| 22. | 57 | 9.5 | 35.9 | |
| 23. | 59 | 9 | 35.1 | |
| 24. | 37 | 12 | 39.6 | " |
| 25. | 73 | 9 | 37.8 | |
| 26. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 27. | 43 | 10 | 35 | |
| 28. | 39 | 9 | 30.6 | |
| 29. | 43 | 12 | 42 | |
| 30. | 66 | 8 | 32 | kwaliteit |
| 31. | 50 | 10 | 37 | |
| 32. | 43 | 11 | 38.5 | |
| 33. | 53 | 10 | 38 | |
| 34. | 50 | 9.5 | 35 | |
| 35. | 65 | 10 | 40 | |
| 36. | 25 | 10 | 29 | " |
| 37. | 42 | 9.5 | 33.1 | |
| 38. | 39 | 10 | 34 | |
| 39. | a | a | a | |
| 40. | a | a | a | |
| 41. | 53 | 10 | 38 | |
| 42. | | | | |
| | 50.1 | 9.9 | 36.6 | GEMIDDELD. |
| | 37.8 | 8.9 | 30.3 | STANDAARD. |

GRAFIEK 12.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IVB BEHAAL MET DIE VYFDE TOETS.



delings plaasgevind. Daar is nog een leerling in afdeling lV van wie die spoedprestasie benede die standaard is. Nog een leerling in afdeling II se kwaliteitprestasie is benede die standaard.

Volgens grafiek 13 is daar 10 leerlinge van wie die kwaliteitsprestasie naby die standaard val aan wie dit nog voordelig sou gewees het om met die verhelpingsprogram aan te gaan.

Die gemiddelde kwaliteit van die proefklas het geleidelik van toets tot toets gedurende die proefneming toegeneem. Die toename in kwaliteit gedurende die proefneming was 1 kwaliteit.

Die proefklas se gemiddelde spoedprestasie het gedurende die eerste kwartaal toegeneem. Die toename in letters per minuut was 6.2 letters per minuut.

Die proefklas se gemiddelde skrifprestasie het gedurende die eerste kwartaal toegeneem. Die toename in skrifprestasie was 7.4.

Die spoedprestasie van die proefklas het nie ten koste van kwaliteit en omgekeerd ontwikkel nie, aangesien albei, asook die skrifprestasie, deurgaans toegeneem het.

Die toename in prestasies van die proefklas gedurende die eerste kwartaal kan waarskynlik toegeskrywe word aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het.

(ii) Vergelyking van die Toetse se Resultate:

Die verhelpingsprogram is aan die einde van die eerste kwartaal gestaak by die proefklas lVB. Die toetsresultate van die eerste tot die sesde toets wat gedurende die periode aan die hand van die verhelpingsprogram gedoen is, word in die volgende tabel gegee:

TABEL/ ......

## PRESTASIESTAAT. 12.

ST.IVB DATUM 24:3:1954.

| Nr. | Spoed- | Kwaliteit- | Skrif- | OPMERKINGE. |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 52 | 10 | 37 | |
| 2. | 50 | 11 | 41 | |
| 3. | 58 | 10.5 | 41 | |
| 4. | 61 | 10.5 | 41 | |
| 5. | 63 | 9 | 36 | |
| 6. | 46 | 8.5 | 31 | Kwaliteit |
| 7. | 36 | 12 | 40 | Spoed |
| 8. | 68 | 11 | 45 | |
| 9. | 56 | 9.5 | 36 | |
| 10. | 60 | 10.5 | 41 | |
| 11. | 43 | 9.5 | 33 | |
| 12. | 62 | 10 | 40 | |
| 13. | 50 | 11 | 41 | |
| 14. | 50 | 9 | 33 | |
| 15. | 50 | 12 | 44 | |
| 16. | 55 | 9.5 | 36 | |
| 17. | 50 | 12 | 44 | |
| 18. | 48 | 10.5 | 38 | |
| 19. | 39 | 9 | 31 | |
| 20. | 63 | 10 | 40 | |
| 21. | 53 | 9 | 34 | |
| 22. | 58 | 9 | 35 | |
| 23. | 53 | 10.5 | 40 | |
| 24. | 53 | 11 | 42 | |
| 25. | 63 | 9 | 36 | |
| 26. | 50 | 10 | 37 | |
| 27. | 50 | 9 | 33 | |
| 28. | 39 | 9.5 | 32 | |
| 29. | 58 | 10.5 | 41 | |
| 30. | 53 | 9 | 34 | |
| 31. | 50 | 10.5 | 39 | |
| 32. | 50 | 10.5 | 39 | |
| 33. | 64 | 9.5 | 38 | |
| 34. | 50 | 9 | 33 | |
| 35. | 50 | 10.5 | 39 | |
| 36. | 42 | 9 | 32 | |
| 37. | 46 | 9.5 | 34 | |
| 38. | | | | |
| 39. | | | | |
| 40. | | | | |
| 41. | | | | |
| 42. | | | | |
| | 52.5 | 10 | 38.0 | GEMIDDELD. |
| | 37.8 | 8.9 | 30.3 | STANDAARD. |

GRAFIEK 13.

KWALITEIT- EN SPOEDPRESTASIES VAN STANDERD IVB BEHAAL MET DIE SESDE TOETS.



TABEL XII.

Prestasies wat die leerlinge van standerds 1VA, B en C met die eerste tot die sesde toetse behaal het:

| Toetse. | Standerd. | Leerlinge. | Kwaliteit-. | Spoed-. | Skrifprestasie |
|---|---|---|---|---|---|
| 1ste | 1VA | 40 | 8.7 | 37.6 | 29.6 |
| (13.1.54.) | B | 40 | 9.0 | 39.5 | 30.6 |
| | C | 16 | 9.0 | 34.0 | 28.8 |
| Gemiddelde | A,B&C | - | 8.9 | 37.8 | 30.3 |
| 2de | 1VA | - | - | - | - |
| (29.1.54.) | B | 39 | 9.2 | 49.5 | 34.0 |
| | C | - | - | - | - |
| 3de | 1VA | - | - | - | - |
| (12.2.54.) | B | 39 | 9.3 | 49.1 | 34.4 |
| | C | - | - | - | - |
| 4de | 1VA | - | - | - | - |
| (25.2.54.) | B | 39 | 9.7 | 51.7 | 35.9 |
| | C | - | - | - | - |
| 5de | 1VA | - | - | - | - |
| (12.3.54.) | B | 39 | 9.9 | 50.1 | 36.6 |
| | C | - | - | - | - |
| 6de | 1VA | 37 | 9.4 | 41.3 | 32.0 |
| (24.3.54.) | B | 37 | 10.0 | 52.5 | 38.0 |
| | C | 17 | 9.8 | 41.8 | 34.3 |
| Gemiddeldes | A,B&C | - | 9.7 | 45.9 | 34.9 |

Die toetsresultate van die sewende tot die tiende toets wat na die staking van die verhelpingsprogram gedoen is, word in die volgende tabel aangegee:

TABEL/ ......

TABEL XIII.

Prestasies wat die leerlinge van standerds lVA, B en C met die sewende tot die tiende toetse behaal het:

| Toetse. | Standerd. | Leerlinge. | Kwaliteit-. | Spoed-. | Skrifprestasie. |
|---|---|---|---|---|---|
| 7de (26.6.54.) | lVA | 32 | 9.9 | 44.2 | 34.7 |
| | B | 39 | 9.6 | 59.3 | 37.4 |
| | C | 13 | 10.2 | 37.7 | 34.5 |
| 8ste (28.7.54.) | lVA | 39 | 9.6 | 46.9 | 34.5 |
| | B | 37 | 10.1 | 47.4 | 36.4 |
| | C | 14 | 10.4 | 35.6 | 34.3 |
| 9de (22.9.54) | lVA | 39 | 9.5 | 50.3 | 35.2 |
| | B | 40 | 9.6 | 60.0 | 37.4 |
| | C | 13 | 10.6 | 42.0 | 37.1 |
| 10de (26.11.54.) | lVA | 37 | 9.3 | 47.5 | 33.5 |
| | B | 37 | 10.0 | 56.6 | 38.0 |
| | C | 11 | 9.8 | 45.3 | 35.3 |
| Gemiddelde | A,B&C | - | 9.6 | 51.1 | 35.5 |

In die proefklas lVB was 40 leerlinge, in lVA 40 leerlinge en in lVC 16 leerlinge. Al drie die standerd lV-onderwysers was ryk aan ondervinding. Die proefklas het aanvanklik en aan die einde van die eerste kwartaal die beste presteer.

Die proefklas het die hoogste toenames in kwaliteit- en skrifprestasie aan die einde van die eerste kwartaal vertoon. Die skrifprestasie van 37 leerlinge van die proefklas was die resultaat van 'n kwaliteit van 10 en 'n

spoed-/ ........

spoedprestasie van 52.5 letters per minuut.

Die proefklas se kwaliteit het nie ten koste van die spoed en omgekeerd ontwikkel nie, daar albei kwaliteit en spoed geleidelik toegeneem het.

Die proefklas het 'n skrifprestasie van 38 met die sesde toets aan die einde van die eerste kwartaal behaal. Daar dien op gelet te word dat die skrifprestasie aan die einde van die eerste kwartaal van 38 nie deur enige van die ander standerd 1V- klasse gedurende die eerste kwartaal of oor die loop van die jaar geëwenaar is nie. Aan die einde van die jaar kon slegs die proefklas weer 'n skrifprestasie van 38 behaal.

Dat die proefklas 'n kwaliteit van 10, 'n spoed van 52.5 letters per minuut en 'n skrifprestasie van 38.0 aan die einde van die eerste kwartaal kon behaal, is volgens my oortuiging te danke aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het.

Volgens grafiek 14 tree die ontwikkeling van die proefklas standerd 1VB se skrifprestasie in vergelyking met die ander standerd 1VA- en C-klasse duidelik na vore.

Die proefklas openbaar gedurende die eerste kwartaal, dit is van die eerste tot die sesde toetse, die hoogste toename in skrifprestasie. Daar het na die proefneming 'n insinking in die proefklas se skrifprestasie ingetree, maar aan die einde van die jaar het die proefklas weer dieselfde peil bereik.

Die toename van die proefklas se skrifprestasie wat gedurende die eerste kwartaal plaasgevind het, kan myns insiens toegeskrywe word aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het. Die ander twee standerd 1VA- en C-klasse wat nie die verhelpingsprogram gevolg het nie se skrifprestasie het ook toegeneem, maar die toename in skrif-

prestasie/......

GRAFIEK 14.

ONTWIKKELING VAN DIE STANDERD IV-KLASSE SE SKRIFPRESTASIES.



prestasie van die kontroleklasse weeg nie op teen die toename van die proefklas se skrifprestasie nie.

Die insinking wat daar in die skrifprestasie van die proefklas voorgekom het, kan myns insiens toegeskryf word aan die staking van die verhelpingsprogram.

Die agste toets is na die Julievakansie afgelê, gevolglik kan daar vanweë die onbruik van handskrif gedurende die Julievakansie 'n insinking verwag word.

Met die negende toets aan die einde van die derde kwartaal was daar 'n merkbare toename in die skrifprestasie van al die drie klasse te bespeur.

Alle handskrifonderrig is in die middel van die vierde kwartaal gestaak. Die tyd is aan die hersiening van die ander vakke gewy en nadat die eksamens aan die einde van die jaar afgelê is, is die tiende toets afgeneem.

Die proefklas wat die kontroleklasse nog steeds in alle prestasies oortref het, toon met die tiende toets 'n styging in prestasies aan. Die kontroleklasse het as gevolg van die onbruik na die staking van die handskrifonderrig teruggeval. Maar lynreg hierteenoor het die proefklas weer die skrifprestasie behaal wat dit aan die einde van die eerste kwartaal met die toepassing van die verhelpingsprogram behaal het. Die proefklas het die skrifprestasie van die sesde toets met die tiende toets geëwenaar. Die uitstyging van die proefklas bo die kontroleklasse met die tiende toets en die ewenaring van die sesde toets se skrifprestasie is myns insiens te danke aan die blywende waarde van die verhelpingsprogram wat gevolg is.

Die proefneming het die standerd iv-kontroleklasse se onderwysers ook aangespoor deur aansteking, maar die

proefklas/ .......

proefklas se meerwaardige prestasies het bly afsteek.

(iii) Analise van letters:

Dieselfde prosedure (kyk p. 231) wat gevolg is om die proefklas standerd 111A se letters te analiseer,is met die proefklas B van standerd 1V gevolg.

Die volgende tabel gee die resultaat van die telling van letters:

TABEL XIV.

Analise van die proefklas standerd 1VB se letterformasie in die eerste en sesde toetse:

| | Eerste Toets | | | | Sesde Toets | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | | 5 | 6 | 7 | |
| Letters | Verkeerd | Totaal | Voorkoms per 40 | of % | Verkeerd | Totaal | Voorkoms per 37 | of % |
| A | 34 | 40 | 34 | 85 | 15 | 37 | 15 | 40 |
| D | 65 | 80 | 33 | 82 | 32 | 74 | 36 | 42 |
| E | 35 | 40 | 35 | 87 | 16 | 37 | 16 | 42 |
| I | 33 | 40 | 33 | 82 | 23 | 37 | 23 | 80 |
| J | 39 | 40 | 39 | 97 | 32 | 37 | 32 | 85 |
| N | 34 | 40 | 34 | 85 | 10 | 37 | 10 | 26 |
| S | 38 | 40 | 38 | 95 | 33 | 37 | 33 | 88 |
| a | 217 | 280 | 31 | 77 | 124 | 259 | 18 | 48 |
| b | 107 | 120 | 36 | 90 | 85 | 111 | 28 | 74 |
| d | 91 | 120 | 30 | 75 | 77 | 111 | 25 | 66 |
| e | 520 | 800 | 26 | 65 | 170 | 740 | 9 | 24 |
| g | 136 | 160 | 34 | 85 | 126 | 148 | 31 | 82 |
| h | 29 | 40 | 29 | 72 | 22 | 37 | 22 | 58 |
| i | 219 | 360 | 24 | 60 | 31 | 333 | 3 | 8 |
| k | 97 | 120 | 32 | 80 | 64 | 111 | 21 | 56 |
| m | 99 | 120 | 33 | 82 | 61 | 111 | 20 | 53 |
| n | 278 | 360 | 31 | 77 | 142 | 133 | 15 | 40 |
| o | 33 | 40 | 33 | 82 | 13 | 37 | 13 | 34 |
| p | 64 | 80 | 32 | 80 | 37 | 74 | 19 | 50 |
| r | 270 | 360 | 30 | 75 | 186 | 333 | 21 | 56 |
| s | 68 | 80 | 34 | 85 | 61 | 74 | 30 | 80 |
| t | 221 | 280 | 32 | 80 | 153 | 259 | 22 | 78 |
| u | 49 | 80 | 24 | 60 | 7 | 74 | 4 | 10 |
| v | 36 | 40 | 36 | 90 | 34 | 37 | 34 | 88 |
| w | 35 | 40 | 36 | 90 | 15 | 37 | 15 | 40 |
| | 2847 | 3558 | | 80.3 | 1569 | 3578 | | 43.8 |

Die/ .....

Die foutiewe voorkoms van al die letters het gedurende die proefneming afgeneem. Met die eerste toets was daar 80.3 foutiewe letters en met die sesde toets was daar 43.8 foutiewe letters.

Die abc was nou by die proefklas deurgevoer. Blykbaar kan die afname van foutiewe letterformasie todgeskrywe word aan die verhelpingsprogram wat die proefklas gevolg het.

Volgens die in hoë mate foutiewe voorkoms van die volgende letters met die sesde toets blyk dit dat hulle besondere aandag verg by die deurvoering van die abc: I, J, S, b, d, g, s, t en v.

(iv) Letterformasietoets:

